'n Keurversameling



stories, gedigte en liedjies
in

AFRIKAANS

Anthology_Afr.indb 1 11/20/15 1:24 PM

Om stories met kinders te deel, is nie net pret nie maar ook doeltreffend!

Ons kan almal onthou hoe ons na stories geluister het toe ons kinders was. Moontlik was dit 'n ouer of 'n onderwyser of 'n bibliotekaresse wat dit vir ons voorgelees het, of 'n ouma wat vir ons 'n storie vertel het wat sy uit haar eie kinderdae onthou het. Ons onthou nog met hoeveel opwinding ons geluister het terwyl die intrige van 'n storie ontvou het. Ons het gewonder of the wolf die varkie sou vang, en of die leeu die muisie sou opvreet nadat die muisie hom gehelp het om uit die net los te kom.



Terwyl ons na die storie geluister het, het ons die karakters met die agtergrond van die storie in verband gebring, en waarskynlik probeer voorspel hoe die storie sou eindig. Ons het nie besef dat sulke voorspelling en die vorming van skakels tussen dinge ons help om die vaardighede te ontwikkel wat 'n goeie leser nodig het nie.

Voorlesing speel 'n baie belangrike rol in leerders se leerproses. Afgesien daarvan dat dit hulle help om 'n liefde vir lees te ontwikkel, stel dit hulle in staat om baie belangrike vaardighede aan te leer, naamlik:

- Dit toon aan hulle hoe om vlot en uitdrukkingsvol te lees.
- Dit stel nuwe woorde aan hulle bekend.
- Dit ontwikkel hulle begrips- en luistervaardighede.

Terwyl kinders met stories omgaan en hulleself laat wegvoer na 'n fantasiewêreld waar hulle verskillende karakters in verskillende kontekste leer ken, is hulle in werklikheid besig om hulle verbeelding en skeppingsvermoë te ontwikkel.

Hardop voorlesing help leerders om die verband tussen die gedrukte woord en sy betekenis te verstaan. Dit leer kinders dat die teks 'n verhaal vertel wat die luisteraar uitnooi om by die storie betrokke te raak en die illustrasies te verken. Omdat kinders na stories kan luister op 'n hoër taalvlak as waarop hulle self kan lees, stel hardop voorlesing hulle bloot aan verskillende sinstrukture wat nie deel van hulle alledaagse spraak uitmaak nie, asook aan 'n verskeidenheid nuwe woorde. Storievertelling en voorlesing deur die onderwyser is dus baie belangrike aktiwiteite om taalontwikkeling te stimuleer en as model van vlot, uitdrukkingsvolle lees te dien.

Riglyne vir voorlesing



Dit is belangrik dat u minstens **een maal per week** vir leerders moet voorlees.

- Storievoorlesing behoort 'n prettige, lewendige aktiwiteit te wees. Terwyl u die storie vertel of voorlees, behoort u ook hulpmiddels, bv. toneelpoppe of maskers, ter aanvulling en verryking van die storie te gebruik.
- Maak seker dat u gevoelvol lees, en varieer u stemtoon en die spoed van die voorlesing.
- Gebruik ook verskillende gebare en gesigsuitdrukkings.
- Moedig leerders aan om aan die storie deel te neem deur sekere frases hardop saam te sê (bv. "Hardloop maar so vinnig jy kan. Jy sal my nie vang nie, want ek's die gemmerbroodman!").
- Lees elke storie twee of drie keer voor om aan leerders die geleentheid te gee om stukke daaruit saam op te sê, om aan rolspelaktiwiteite deel te neem of om dele van die storie in hulle eie woorde oor te vertel. Dit spreek vanself dat die pas van storievertellings en voorlesings by die leerders se taalbevoegdheidsvlak aangepas behoort te word.

Kinders wat storievertellings en voorlesings geniet, sal met groter waarskynlikheid later self lees en suksesvolle leerders word.

Aangesien rympies/gedigte en liedjies 'n noodsaaklike komponent van taalontwikkeling vorm, veral vir die ontwikkeling van tweede en derde tale, het ons 'n hele aantal liedjies en rympies/gedigte by hierdie *Keurversameling* ingesluit. Daar behoort elke week **een nuwe liedjie of rympie/gedig** bekendgestel te word.

Gee ook aan leerders die geleentheid om rympies, gedigte, liedjies en stories op te voer.

Tydens voorlesing word kinders aan die volgende taalvaardighede blootgestel wat in die KABV voorgeskryf word:

Ontwikkel luister- en praatvaardighede	Ontwikkel ontluikende leesvaardighede asook geïntegreerde denk- en redeneervaardighede
• Luister na 'n storie met die doel om dit te geniet. • Teken 'n prent oor die storie. • Luister na die besonderhede en identifiseer die hoofgedagte. • Beantwoord vrae oor die storie. • Neem aan gesprekke deel en maak beurte om te praat.	• Hou die boek op die regte manier vas, met die regte kant na bo. • Blaai die bladsye op die regte manier om. • Gebruik prente om te voorspel waaroor die storie handel. • Interpreteer prente om self 'n storie op te maak. • Ontwikkel basiese boekbegrippe: die omslag, die voorkant, die agterkant en die titel.

Voorlesing is 'n belangrike aktiwiteit om kinders te help om die kennis en vaardighede te ontwikkel wat hulle uiteindelik nodig sal hê om te leer lees. Ons vertrou dat u as onderwyser hierdie *Keurversameling* as 'n waardevolle hulpbron vir voorlesing en storievertelling in die klaskamer sal gebruik.

Inhoud

Fabels

1 Die haas en die skilpad 2
2 Die son en die wind 4
3 Hansie Haas fop Japie Jakkals 6
4 Die leeu en die muis 10
5 Die mier en die duif 11
6 Anansi die gulsige spinnekop en die skilpad 12
7 Die seun wat "Wolf!" geroep het 14
8 Jabu en die leeu 16
9 Hoe die spinnekop sy dun bene gekry het 20
10 Die sprinkaan en die mier 22

Sprokies

1 Die rooi hennetjie 24
2 Heuningbeer sit vas 28
3 Die lelike eendjie 32
4 Gouelokkies en die drie beertjies 36
5 Jan en die boontjierank 40
6 Die gemmerbroodmannetjie 46
7 Die drie varkies 48
8 Die wolf en die sewe bokkies 52



Algemene kortverhale

1 Ben kry 'n nuwe maat 56
2 Jorrie die lorrie 60
3 Trudie se droom 64
4 Hoe sebra sy strepe gekry het 68
5 Ollie die olifant kry 'n lang slurp 72
6 Dis 'n hondelewe 76
7 Ouma se groentetuin loop deur 80
8 Skadumeisie kom tot almal se redding 84
9 Die diere onderneem 'n seevaart 86
10 Wilma Walvis tot die redding 90
11 Die groot ontsnapping 94
12 Die veelkleurige blaartjie 98
13 Mandu se geheime dagboek 100
14 O nee, meneer Leeu! 102
15 Bheki se nuwe fiets 106
16 Daar's 'n monster in my kas 110
17 'n See-avontuur 114

Rympies/gedigte en liedjies

1 Skitter, skitter, kleine ster 118
2 Kop en skouers 119
3 Veels geluk liewe maatjie 120
4 Vyf klein kuikentjies 121
5 Vyf klein apies 122
6 Een, twee, ons kuier by die see 123
7 Eendjies, eendjies 124
8 Ou oom Japie het 'n plaas 125
9 Reën, reën, gaan nou weg! 126
10 Die wiele van die bus 127
11 Tortelduifie 128
12 Ietsie bietsie spinnekop 129
13 Slaap kindjie, slaap 130
14 Die leeu slaap vannag 131

Fabels



Die haas
en die skilpad



Die son en
die wind



Hansie Haas fop
Japie Jakkals



Die leeu en
die muis



Die mier en
die duif



Anansi die gulsige
spinnekop en die skilpad



Die seun wat
"Wolf!" geroep het



Jabu en
die leeu



Hoe die spinnekop sy
dun bene gekry het



Die sprinkaan
en die mier

1. Die haas en die skilpad







Baie lank gelede het 'n haas en 'n skilpad saam in 'n groen woud gewoon. Die bruin skilpad het baie stadig geloop en die haas het altyd vir haar gelag.

Eendag sê die haas vir die skilpad: "Kom ons hou 'n resies."

Die skilpad stem in en die haas lag baie hard. Al die ander diere kom kyk wie die resies gaan wen.

Die haas hardloop baie vinnig en is gou ver voor die skilpad. Hy kyk oor sy skouer maar kan glad nie die skilpad sien nie, omdat sy so ver agter is.

"Die skilpad is baie ver agter my," sê die haas vir homself. "Dit gaan nog lank duur voordat sy hier uitkom. Ek gaan nou eers onder die boom rus. Sodra ek die skilpad sien aankom, sal ek vinnig hardloop en die resies wen."

Die haas gaan toe lê, maar hy raak vas aan die slaap.

Anthology_Afr.indb 2 11/20/15 1:24 PM



In sy slaap hoor die haas hoe die diere juig en skreeu, maar hy dink hy droom. Toe hy wakker skrik, sien hy dat skilpad al amper by die wenstreep is.

Die haas spring op en hardloop so vinnig soos die wind, maar dit is te laat. Toe hy weer kyk, sien hy hoe die skilpad oor die wenstreep loop.

Haas het twee baie waardevolle lesse geleer:
Eerstens moet 'n mens nooit dink jy is beter as ander nie, want elkeen het iets unieks en besonders wat hy of sy kan doen.

Tweedens het hy geleer dat toewyding, volharding en harde werk nodig is om sukses te behaal.

Volhard en jy sal wen.

Anthology_Afr.indb 3 11/20/15 1:24 PM

2. Die son en die wind



Eendag het die wind hard deur die dorp gewaai. Die bome het gebuig en die vensters het geratel en gekraak. Die wind was baie trots en het hard gespog en gesê: “Ek is sterker as die bome en ek is selfs sterker as die son.”

Die son se kop loer agter die wolke uit en hy sê: “O nee, Wind, ek is baie sterker as jy.”

Wind antwoord parmantig: “Kom ons hou ’n kompetisie en kyk dan wie regtig die sterkste is.”



Anthology_Afr.indb 4 11/20/15 1:24 PM

"Ek sal begin," sê Wind. Kyk hoe sterk is ek. Ek sal daardie man dwing om sy jas uit te trek."

Wind blaas en hy raas en hy waai so hard dat die bome amper plat op die grond lê. Die man trek sy jas net stywer om sy lyf vas en sê: "O, ek kry nou so koud!"

Die son steek haar kop weer agter die wolke uit. Sy glimlag en alles word warmer.

"O, dis gaaf," sê die man, "dit word nou lekker warm."

Die son skyn al feller. "Sjoe!" sê die man toe. "Dit is nou so warm, laat ek maar liefs my jas uittrek."

Die son glimlag weer. "Ek is die wenner!" roep sy uit.

'n Mens moenie te veel grootpraat nie.



Anthology_Afr.indb 5 11/20/15 1:24 PM

3. Hansie Haas fop Japie Jakkals

Vanjaar het dit nog niks gereën nie en die boere se lande is droog. Elke dag hoop die boere dat die reën op pad is, maar daar is nie 'n wolkie te siene nie.

Die lande van Japie Jakkals, wie se plaas naby aan die rivier is, is welig groen. Hy het baie vrugte en groente omdat hy water uit die rivier kan pomp, maar hy deel sy water, groente en vrugte met niemand nie.



Een warm dag besluit Hansie Haas om iets te ete op Japie Jakkals se plaas te gaan soek. Byna dadelik gewaar die jakkals hom.

"Grrr!" brom Japie Jakkals. "Ek waarsku jou, indien jy my vrugte eet, sal ek jou vang en jou opvreet!"

Hansie Haas spring weg, die kwaai boer op sy hakke. Net toe die boer hom wil gryp, verdwyn Hansie Haas. Hy het in 'n groot, geel pampoen verander!

"Sodra ek daardie lastige haas kry, sal ek hom soos 'n pampoen opvreet!" grom die jakkals, terwyl hy probeer om te sien wat van Hansie Haas geword het.



Anthology_Afr.indb 6 11/20/15 1:24 PM

Hy tel die groot, geel pampoen op en bekyk dit, maar gooi dit toe weer eenkant neer.

Toe die pampoen die grond tref, verander dit weer in Hansie Haas. Dadelik hop hy verder om iets anders te gaan soek om te eet.

Die jakkals jaag die haas en kry hom aan sy stert beet.

"Nou het ek jou! Ek gaan jou nou dadelik opvreet!"

Skielik verander Hansie Haas in 'n groot, sappige veselperske.

"Kyk hierdie heerlike veselperske!" roep die boer uit. "As ek baie veselperskes kan kweek, kan ek dit verkoop en baie ryk word. Ek sal hierdie een eet en dan die pit plant sodat dit kan groei."

Net toe Japie Jakkals 'n hap van die veselperske wil neem, steek 'n by sy hand. Hy laat die veselperske val.

"Jou nare by!" skreeu hy.

Op daardie oomblik verander die veselperske weer in Hansie Haas, wat met 'n paar spronge ontsnap.

Japie Jakkals jaag die haas, maar Hansie duik onder die bosse deur en bly 'n paar treë voor hom.

"Ek sal jou nog kry, Hansie Haas!" roep die woedende jakkals. "Jy sal sien!"

'n Rukkie later sien die boer hoe die haas aan een van sy waatlemoene knaag.



"Los my waatlemoene uit!" skreeu hy, terwyl hy na die haas toe hardloop. "Dis my duurste waatlemoene daardie!"

Die haas steur hom nie aan die jakkals nie, en hap die laaste stukkie van die waatlemoen.

"Wat 'n heerlike middagete," sê hy vir homself terwyl hy sy lippe aflek. "Net wat ek op so 'n warm dag nodig gehad het!" Hy sien die boer nader kom en begin weer vinnig weg te hop.

Weer jaag die jakkals die haas. "Hierdie keer het ek jou!" skreeu hy verwoed, maar die haas het alweer verdwyn. Hierdie keer het hy in 'n boomstomp verander.

"Eina!" gil die jakkals toe hy oor die boomstomp val. Hy kom orent en stof homself af. "Ek moet daardie parmantige haas in die hande kry!" sê hy vir homself. "'n Dom hasie soos hy sal nie 'n slim jakkals soos ek uitoorlê nie!"

Anthology_Afr.indb 7 11/20/15 1:24 PM

Die boer tel die boomstomp op en gooi dit eenkant neer. Toe dit die grond tref, verander dit terug in Hansie Haas, wat dadelik begin weghop in die rigting van die rivier.

"Nou het ek hom!" sê die jakkals vir homself. "Hase kan nie swem nie – hy gaan hom vasloop teen die rivier!"

Op daardie oomblik sien Hansie Haas die rivier voor hom, en hy steek viervoet vas.

"Help!" roep hy beangs uit.

So byna-byna vang die boer die haas, maar toe struikel hy oor 'n swart klip wat in sy pad lê.

"Jou swernoot!" skreeu hy. Hy tel die klip op en gooi dit woedend so hard as wat hy kan van hom weg. Die klip vlieg soos 'n swart voël oor die rivier tot aan die ander kant.

Toe die klip land ...

... verander dit weer in Hansie Haas! Die haas lag uitbundig en voer sommer 'n dansie uit.



Anthology_Afr.indb 8 11/20/15 1:24 PM

"Jy het my gehelp om oor die rivier te kom, Japie Jakkals!" roep hy vrolik uit. "Baie dankie vir jou hulp!" voeg hy parmantig by.



Die jakkals staan die haas agterna en kyk terwyl hy weghop. Moedeloos wonder hy hoe hy sy vrugte en groente in die toekoms sal kan beskerm.

Die volgende dag maak Japie Jakkals 'n plan. Hy besluit om die dorpenaars toe te laat om water uit die rivier na hulle eie plase toe te pomp. So sal hy hulle help om hulleself te help!

Ons moet mekaar altyd probeer help.

Anthology_Afr.indb 9 11/20/15 1:24 PM

4. Die leeu en die muis

Eendag het 'n klein muisie per ongeluk 'n slapende leeu wakker gemaak.

"Jou klein snip!" grom die leeu. "Hoe durf jy my wakker maak? Ek gaan jou opeet!" Hy trap die klein muisie se stert onder sy groot poot vas.



"Asseblief, meneer Leeu, ek is maar net 'n klein muisie. Moet my nie opeet nie, asseblief, ek is te klein."

"Ja, dis waar," grom die leeu. "Jy sal skaars my maag volmaak."

"Baie, baie dankie, meneer Leeu," piep die klein muisie dankbaar. "Eendag sal ek jou ook help."

"Hahaha!" lag die groot leeu. "Hoe sal 'n klein muisie soos jy my ooit kan help? Ek is die koning van al die wilde diere – sterk, groot en vreesloos. Ek kan myself help!"

Eendag toe die leeu gaan stap, loop hy hom vas in 'n jagter se vangnet. Hy kan glad nie roer nie. "Help, help," skreeu die leeu. "Ek is vasgevang en ek kan nie loskom nie!"

Die klein muisie hoor die leeu roep. Vinnig draf hy na die vangnet toe. "Ek sal jou help, meneer Leeu!" sê hy.

"Jy is te klein om my te help," grom die leeu.

Dadelik begin die klein muisie aan die vangnet knaag. Baie gou knaag hy dwarsdeur die net totdat net klein stukkies oorbly.

Binne 'n japtrap is die leeu vry. Hy glimlag breed. "Jy is wel klein, maar jy het my gered!" sê hy vir die muisie.

Al is jy hoe klein, jy kan 'n verskil maak!



Anthology_Afr.indb 10 11/20/15 1:24 PM

5. Die mier en die duif



Een warm dag sit 'n mier langs 'n rivier. "Hoe heerlik sou dit nie wees om te kan swem nie," dink sy. Sy steek een toon in die rivier in, toe nog een en nog een. Meteens val sy pens en pootjies in die water in! Die water vloei so sterk dat sy nie kan uitkom nie.

"Help!" roep sy. "Ek verdrink!"

Niemand hoor haar egter roep nie. Net toe die mier seker is sy verdrink, vlieg 'n duif oor haar kop verby.

Sy sien dat die mier in gevaar verkeer en laat 'n blaar in die water val. Die blaar dryf soos 'n bootjie, en dankbaar klim die miertjie daarop.

"Baie dankie, Duif – eendag sal ek jou dalk help!"

Die duif lag. "Jy is te klein om my te help, miertjie," antwoord sy.
Sy vlieg weg met 'n lied in haar hart.

Baie maande gaan verby. Eendag sien die mier die duif in 'n boom sit.



Voordat sy egter "hallo" kan sê, kom 'n man met 'n pyl en boog daar aan. Hy maak hom klaar om die duif te skiet. Blitsvinnig klim die miertjie teen die man se been op en byt hom so hard as wat sy kan. "Eina!" skree die man en laat die pyl val.

"Baie dankie!" roep die duif terwyl sy wegvlieg. "Jy mag klein wees, maar jy't my lewe gered!"

Die een diens is die ander werd.



Anthology_Afr.indb 11 11/20/15 1:24 PM

6. Anansi die gulsige spinnekop en die skilpad



Een aand sit Anansi die spinnekop aan om 'n heerlike maal te geniet. Net toe hy op die punt staan om die eerste happie in sy mond te sit, klop daar iemand aan die deur. Anansi maak die deur oop. Daar staan die waterskilpad, en hy lyk baie moeg. "Asseblief, Anansi, kan ek inkom?" vra die skilpad. "Ek het vandag so ver geloop, ek is moeg en honger."

Maar Anansi is te selfsugtig om sy aandete met iemand anders te deel. Daarom beraam hy 'n gemene plan. Net toe Skilpad aansit en wil begin eet, gil Anansi vir hom: "Skilpad, jou hande is vuil! Jy kan nie met sulke vuil hande eet nie! Jy sal eers jou hande moet gaan was." Skilpad se hande is vuil omdat hy heeldag op hulle geloop het. Skilpad kruip toe stadig rivier toe om sy hande te gaan was.



Hy kruip toe stadig terug na Anansi se tafel toe. Ondertussen begin Anansi te eet.

Teen die tyd dat Skilpad weer by die tafel aankom, is byna al die kos opgeëet. Net toe Skilpad gaan sit, skree Anansi weer vir hom: "Skilpad, jou hande is nog steeds vuil! Jy sal hulle weer moet gaan was!" Skilpad se hande is vuil omdat hy hulle gebruik het om van die rivier af terug te kruip.



Hartseer kom Skilpad weer orent om sy hande nog 'n keer te gaan was. Teen die tyd dat Skilpad die hele ent teruggekruip het, is al die kos op. Skilpad kyk na Anansi en sê: "Dankie dat jy my vir ete genooi het. As jy ooit in my omgewing is, kan jy gerus by my kom eet."

Met verloop van tyd begin Anansi die spinnekop al meer aan Skilpad se uitnodiging dink. Hy besluit toe laat een middag om na Skilpad se huis toe te stap. Die son hang al soos 'n rooi bal oor die rivier.

01_Folklore_Afr.indd 12 11/26/15 11:10 AM

Skilpad lê op 'n rots in die son om homself te verwarm, soos skilpaaie maak. Skilpad sien vir Ananzi en roep: "Hallo, Anansi! Het jy by my kom eet?"

"Ja, dit sal baie lekker wees, dankie," antwoord Anansi. Die gedagte aan 'n lekker maaltyd laat behoorlik sy mond water.



Skilpad duik in die water in terwyl Anansi op die oewer vir hom wag. Kort voor lank swem Skilpad weer boontoe en roep: "Reg so, Anansi, jy kan maar kom. Die ete is gereed." Skilpad duik weer af en begin die groen blare wat hy vir sy middagete gereed gemaak het, te eet.

Anansi probeer na die bodem van die rivier duik, maar hy is 'n spinnekop, nie 'n skilpad nie, en hy kan nie so diep duik nie. Hy bly na die oppervlak toe terugkom.

Hy probeer om in te spring, hy probeer om in te duik, maar niks help nie. Hy kan net nie by daardie smaaklike middagete uitkom nie.

Uiteindelik kry Anansi 'n plan. Hy pak 'n klomp klippe in die sakke van sy jas, totdat hy swaar genoeg is om tot op die bodem van die rivier te sink. Hy sien Skilpad se tafel, vol sappige groen blare en baie ander heerlike kos.



Net toe Anansi een van sy pote na die heerlike kos uitsteek, keer Skilpad hom. "Anansi," sê Skilpad vir hom, "jy gaan tog seker nie jou middagete met jou jas aan eet nie? Dis nie hoe ons dinge in my huis doen nie."

Anansi trek toe sy jas uit. Sonder die klippe is Anansi te lig om onder die water te bly. Hy dryf dadelik na die oppervlak van die rivier toe terug. Woeps verskyn hy weer bo-op die water sonder dat hy iets te ete gehad het.

Deel met ander om te wys dat jy omgee.



Anthology_Afr.indb 13 11/20/15 1:25 PM

7. Die seun wat “Wolf!” geroep het

Lank gelede was daar ’n tienjarige skaapwagter. Elke dag het hy die skape veld toe geneem om te wei. Elke dag het hy onder dieselfde boom bo-op die heuwel gesit en die kudde skape opgepas. Ná ’n tyd het hy verveeld begin voel. Ter wille van ’n bietjie opwinding roep hy toe hard uit: “Wolf! Wolf! Help! ’n Wolf jaag die skape!”

Die dorpenaars hoor sy hulpkrete en kom teen die heuwel opgehardloop om die wolf te kom verjaag. Toe hulle die bokant van die heuwel bereik, sien hulle geen wolf nie. Hulle kry net die seun, wat te lekker vir hulle lag omdat hy hulle uitgevang het.

“Moenie ‘wolf’ roep wanneer daar geen wolf is nie!” raas een van die dorpenaars terwyl hulle almal brommend terugstap dorp toe.

Die volgende dag roep die seun weer: “Wolf! Wolf! Help my! Die wolf gaan die skape vang!”

Weer hardloop die dorpenaars teen die heuwel op om die seun te hulp te snel.



Anthology_Afr.indb 14 11/20/15 1:25 PM

Weereens besef die dorpenaars die seun het hulle uitoorlê en hulle vermaan hom: “Seun, jy moet ons net roep wanneer daar regtig iets verkeerd is! Moenie ‘wolf’ roep wanneer daar geen wolf is nie!”



Die seun lag maar net en kyk hoe hulle weer ondertoe stap.

’n Paar dae later kom ’n regte wolf die skape bedreig. Die seun is baie bang, en roep hard uit: “Wolf! Wolf! Help, help!”



Die dorpenaars meen egter dat die seun hulle weer om die bos lei, daarom kom niemand hom help nie.

Later die aand wonder die dorpenaars waarom die skaapwagter nie die skape terugbring nie. Hulle gaan hom soek, en tref hom in trane aan.

“Daar was regtig ’n wolf! Hy het party van die skape verskeur, en die ander skape het gevlug. Waarom het julle my nie kom help nie?” snik hy.

Een van die bejaarde dorpenaars probeer die seun troos.



“Môreoggend sal ons jou help om na die skape te gaan soek,” sê hy, terwyl hy sy arm om die seun sit. “Maar jy sal moet leer dat, indien jy altyd leuens vertel, mense jou later nie sal glo nie – nie eens wanneer jy die waarheid praat nie!”

Vertel altyd die waarheid om te wys dat jy ander mense respekteer.



Anthology_Afr.indb 15 11/20/15 1:25 PM

8. Jabu en die leeu

Jabu was 'n 14-jarige veewagter. Hy was baie trots op hoe hy sy pa se groot veekudde versorg. Een warm herfsdag, terwyl Jabu die diere op die koppie sit en dophou, kom sy maat Sipho daar aangedraf.

"Het jy die nuus gehoor, Jabu?" vra Sipho uitasem. "Bhubesi, die leeu, is verlede nag hier in die omgewing gesien. Hy het 'n koei doodgemaak. Die mans is besig om vir hom valstrikke te stel. Gaan sit jou vee terug in die kraal en dan gaan kyk ons hoe hulle die valstrikke stel."



Jabu is geskok. "Ek kan die vee nie nou al kraal toe neem nie, Sipho. Dis te vroeg in die dag. Hulle moet eers klaar wei, en dan moet ek hulle rivier toe neem om water te drink voordat ek hulle terugneem huis toe."

Sipho is teleurgesteld, maar hy weet dit help nie om met Jabu te redeneer nie. "Oukei," sê hy. "Ek sien jou later, miskien vanaand by die vuur. Ek gaan kyk wat die mans doen." Hy vertrek weer op 'n drafstap.

Jabu begin toe die koeie bymekaar jaag en lei hulle na die rivier toe. Terwyl hulle drink, sit hy met sy voete in die water.

Op daardie oomblik hoor Jabu 'n geluid wat hom yskoud laat word van die skrik. Die koeie versteen ook in hulle spore. Dit is Bhubesi, en hy is baie naby!

Jabu kyk versigtig rond. Met bewende knieë jaag hy die koeie bymekaar. Maar daardie brul het nie geklink soos 'n leeu wat sê "Ek gaan jou opvreet" nie, dink hy. Bhubesi klink asof hy in die moeilikheid is. Ek dink daardie brul was 'n noodkreet.

Jabu stap dapper in die rigting van waar hy die geluid gehoor het. Hy kry Bhubesi vasgevang in een van die valstrikke wat die mans gestel het. Sy kop sit in die valstrik vas, en hoe meer hy stoei, hoe stywer trek die strik.

Anthology_Afr.indb 16 11/20/15 1:25 PM

Jabu staan eers 'n hele rukkie na hom en staar. Nog nooit het hy die koning van die diere van so naby gesien nie. Hy is waarlik 'n indrukwekkende dier.

Terwyl Jabu kyk hoe Bhubesi om sy lewe worstel, begin hy vir hom jammer te voel. Op daardie oomblik sien die leeu die seun, en hy praat direk met hom.



Leeu: Ai! Oemfaan (seun)! Help my asseblief. Ek kan nie loskom nie. Sal jy nie asseblief hierdie balk wat my kop afdruk, kom oplig nie? Asseblief!

Jabu kyk in Bhubesi se oë, en hy kan sien hoe desperaat hy is.

Leeu: Asseblief, oemfaan! Asseblief! Voordat daardie jagters my kom doodmaak. Bevry my asseblief!

Jabu: Ek sou jou graag wil bevry, Bhubesi. Maar ek is bang dat jy my sal opvreet sodra ek dit doen.

Leeu: O, nee, oemfaan, ek sal nooit iemand kan opvreet wat my lewe gered het nie! Ek belowe dat ek nie 'n haar op jou kop sal seermaak nie. Ek belowe!

Bhubesi smeek en pleit so jammerlik dat Jabu uiteindelik besluit om hom te vertrou en hom vry te laat. Hy lig die balk wat die leeu se kop vashou. Die leeu spring los en skud sy maanhare.

Leeu: O dankie, oemfaan! Ek skuld jou regtig iets. My nek was besig om so styf te word in daardie valstrik, en ek was bang die jagters sou my doodmaak. Maar nou is ek so dors, asseblief oemfaan – kan jy my wys waar die rivier is?

Jabu: Dis net hier anderkant. Kom saam met my.

Leeu: Ek moet egter sê, dit sal darem baie jammer wees om so 'n sappige maaltyd te vermors!

Jabu: O nee! Ek het jou van die jagters gered, en jy het belowe om my nie op te vreet nie.



Anthology_Afr.indb 17 11/20/15 1:25 PM

Leeu: Ja, jy is reg. Ek het wel belowe. Maar noudat ek vry is, is dit nie meer vir my so belangrik om daardie belofte na te kom nie.

Jabu: Jy maak 'n groot fout. Jy behoort nooit 'n belofte te verbreek nie.

Leeu: Ag, watse onsin! Ek gaan jou nou opvreet, seun. Al hierdie gepraat maak my net hongerder.

Jabu: Maar jy het belowe, en as jy 'n belofte verbreek, sal jy gestraf word.

Op daardie oomblik kom 'n slim ou jakkals wat hulle afgeluister het, nader om meer te wete te kom.



Jakkals: Watter belofte het jy gemaak, Nkosi (groot Kaptein)? En waarom het jy dit gemaak?

Jabu: Ek het die leeu uit die valstrik bevry en hy het belowe om my nie op te vreet nie, maar nou wil hy sy belofte verbreek.

Jakkals: Ag, wat 'n lawwe storie. Wil jy vir my sê jy, die groot koning van die diere, is gevang in 'n valstrik wat mense gemaak het? Onmoontlik! Ek glo dit nie!

Leeu: Dit is waar! Dit was 'n sterk en verskriklike valstrik!



Jakkals: Ai, ek kan nie glo enigiets is sterker as my koning nie. Ek moet daardie valstrik sien. Voordat jy jou aandete eet, wys my asseblief die strik waarvan jy praat. Dan kan jy jou maaltyd geniet.

Die leeu, die jakkals en Jabu gaan toe terug na die valstrik toe.

Anthology_Afr.indb 18 11/20/15 1:25 PM

Jakkals: Ek laat my nie vertel dat hierdie ou dingetjie regtig jou kop kon vashou nie! Nooit! Ek kan my dit regtig nie voorstel nie. Nkosi, as jy nie omgee nie, steek jou kop hier in sodat ek kan sien hoe jy gelyk het toe die seun op jou afgekom het?

Leeu: Ai tog. Jy maak my moeg met jou vrae. Ek sal hierdie laaste ding vir jou doen en dan moet jy my met rus laat, sodat ek my ete kan geniet.

Bhubesi steek toe sy kop tussen die klampe in, net soos dit was toe Jabu hom gekry het. Vinniger as 'n weerligstraal klap die jakkals die valstrik toe. Bhubesi sit weer vasgevang!

Jakkals: Nou sien ek hoe jy gevang is. Dis jammer dat jy weer op dieselfde manier verstrik is. Maar die seun is reg, Nkosi. Verbreekte beloftes haal jou altyd in!

Bhubesi brul van woede, maar die sterk valstrik hou hom goed vas. Jabu bedank die jakkals en hardloop terug na sy koeie toe. Hy jaag hulle aan huis toe en in die kraal in. Wat 'n dag het hy nie beleef nie! Sipho sien hom en roep uit: "Jabu, Jabu! Die leeu is in 'n valstrik naby die rivier gevang! Jy het die hele avontuur misgeloop!"

Jabu glimlag net en sê vir homself: "Ek het genoeg avontuur vir een dag gehad."

Sipho gaan toe weer terug na die jagters toe om die storie te hoor van die magtige leeu wat in die valstrik gevang is. Jabu gaan terug huis toe. Hy groet sy ma, gaan sit en gee 'n groot sug.



Daardie aand luister Jaby by die vuur na die mans, terwyl hulle vertel hoe hulle die leeu gevang het. Hulle spog oor hoe vernuftig hulle was om die leeu te vang. Jabu glimlag maar net stilweg en sê nie 'n woord nie.



Beloftes mag nie verbreek word nie.

Anthology_Afr.indb 19 11/20/15 1:25 PM

9. Hoe die spinnekop sy dun bene gekry het

Eendag, lank gelede, was daar 'n spinnekop met die naam Anansi. Al was Anansi 'n baie goeie kok, was hy bietjie lui. Dus het hy verkies om die kos te eet wat ander in die dorp vir hulleself en hul gesinne gekook het.

Eendag het hy by Haas se huis aangekom. Haas was 'n goeie vriend. "Daar is groente in jou kastrol," roep Anansi opgewonde uit. Hy is baie lief vir groente.

"Dit is nog nie heeltemal gaar nie," sê Haas. "Maar dit sal netnou reg wees. Bly hier, dan eet jy saam met my."
"Ek sou graag wil, Haas, maar ek het dinge om te doen," antwoord Anansi haastig. Hy is bang dat, as hy by Haas se huis bly, Haas hom werkies sal gee om te doen. Hy wil nie op die ou end die skottelgoed was nie.

"Ek sê jou wat," sê Anansi. "Ek sal 'n web spin. Ek sal die een punt aan my been vasmaak en die ander een aan jou kastrol. As die groente gaar is, gee jy net 'n pluk aan die spindraad en dan hardloop ek terug!"



Haas dink dis 'n briljante idee. Hulle maak toe so.

"Ek ruik boontjies," snuif Anansi opgewonde, terwyl hy verder drentel. "Ek ruik heerlike boontjies wat in 'n kastrol kook."

"Kom eet saam van ons boontjies," roep die apies. "Dit is amper gaar."



"Ek sou graag wil, pa Apie," sê Anansi. Weer stel hy voor dat hy 'n web spin waarvan een punt aan sy been en die ander punt aan die kastrol vol bone vasgebind word. Pa Apie dink toe dis 'n blink gedagte. Al sy kinders dink ook so. Hulle maak toe ook so.

"Ek ruik patats," snuif Anansi vrolik, terwyl hy verder slenter. "Patats met heuning. Hoe smaaklik!"

Anthology_Afr.indb 20 11/20/15 1:25 PM



"Anansi," roep sy vriend Varkie. "Ek het 'n kastrol vol patats met heuning. Kom deel my kos met my."

"Ek sou graag wil," sê Anansi. Weer stel hy voor dat hulle 'n spindraad aan die kastrol vasmaak met die ander punt aan sy been. Sy vriend Varkie dink dis 'n baie goeie plan. Hulle maak toe ook so.

Teen die tyd dat Anansi by die rivier aankom, het hy 'n spindraad aan elkeen van sy agt pote.

"Dit was nou 'n gawe plan," sê Anansi trots vir homself. "Ek wonder wie se kastrol die eerste reg gaan wees. Ek sal vandag agt maaltye kan eet. Is ek nie gelukkig nie?"

Net toe voel Anansi 'n pluk aan sy been. "A," sê Anansi. "Dit is die spindraad wat aan Haas se groentepot vas is." Hy voel nog 'n pluk. En nog een. En toe word Anansi tegelyk in drie rigtings getrek. "O aardetjie tog," sê Anansi toe hy die vierde spindraad voel pluk.

Net toe voel hy die vyfde pluk aan 'n draad. En die sesde! En die sewende! En die agtste! Anansi word hiernatoe en daarnatoe gepluk, terwyl almal die spindrade gelyk trek. Sy bene word al dunner en dunner getrek.

Anansi rol toe vinnig in die rivier in en begin al die spindrade afwas. Pynlik sleep hy hom daarna uit die rivier uit. "O einatjie tog," sug Anansi. "Miskien was dit toe tog nie so 'n goeie plan nie."

Daardie dag het Anansi geen kos gekry nie. En tot vandag toe het alle spinnekoppe agt baie dun bene.

Gierigheid kom jou duur te staan.



Anthology_Afr.indb 21 11/20/15 1:25 PM

10. Die sprinkaan en die mier

Dit was 'n warm, sonnige dag en die miertjies was besig om mieliepitte en ander kos vir die winter weg te pak.



Stefaans die sprinkaan het gesing en getjirp en oral rondgespring. Hy het dit geniet om op sy kitaar te speel en het gesing tot die son ondergaan. Hy het die ry miere dopgehou wat graan insamel en wegbêre vir die winter.



Stefaans: Waarom hou julle nie op met werk en kom sing en dans saam met my nie?

Mier: O nee, ons is te besig. Die winter kom en ons moet kos wegbêre vir die koue dae. Stefaans, ou vriend, jy behoort dit ook te doen.

Stefaans: Ag nee, onsin. Ek gaan my nie nou daaroor bekommer nie. Die winter is nog ver en daar is baie kos.

Stefaans die sprinkaan hou toe aan met sing en dans, en die miere hou aan met werk.

Kort daarna daag die winter op en Stefaans het nie meer kos nie. Gou raak hy baie, baie honger. 'n Paar dae later gaan hy na die miere se nes toe.

Stefaans: Kan ek asseblief by julle iets kry om te eet? Ek sterf van die honger. Het julle nie 'n bietjie kos vir my nie?

Die mier gee hom toe 'n paar stukkies kos.

Mier: Jy het die hele somer gedans en niks kos weggesit vir die winter nie. Daar is 'n tyd om te werk en 'n tyd om te speel.

Die volgende somer het die sprinkaan hard gewerk om kos vir die winter bymekaar te maak. Hy het sy les geleer en hy wou nooit weer honger wees nie.

Plig kom voor plesier!



Anthology_Afr.indb 22 11/20/15 1:25 PM

Sprokies



Die rooi hennetjie



Heuningbeer sit vas



Die lelike eendjie



Gouelokkies en die drie beertjies



Jan en die boontjierank



Die gemmerbroodmannetjie



Die drie varkies



Die wolf en die sewe bokkies

I. Die rooi hennetjie

Eendag kry 'n rooi hennetjie
'n koringaar.

"Wie gaan my help om hierdie koring
te plant?" kloek sy.

"Nie ek nie," kwaak die eend.
"Nie ek nie," gaggel die gans.
"Nie ek nie," snork die vark.

Die rooi hennetjie plant toe
self die koring.

Die koringaar word toe 'n
groot plant.

"Wie gaan my help om hierdie koring
te oes?" kekkel die rooi hennetjie.

"Nie ek nie," kwaak die eendjie.
"Nie ek nie," blaas die gansie.
"Nie ek nie," skree die varkie.

Die rooi hennetjie oes toe self
die koring.





Anthology_Afr.indb 24 11/20/15 1:25 PM

Nadat die koring geoes is, kloek die rooi hennetjie: “Wie gaan my help om die koring te bind?”

“Nie ek nie,” loei die koei.
“Nie ek nie,” blaf die hond.
“Nie ek nie,” miaau die kat.

Die rooi hennetjie bind toe self die koring.

Nadat sy die koring gebind het, kekkel die rooi hennetjie: “Wie gaan my help om die koring te maal?”



“Nie ek nie,” moe die kalf.
“Nie ek nie,” kef die hondjie.
“Nie ek nie,” spin die katjie.

Die rooi hennetjie maal toe self die koring.









Anthology_Afr.indb 25 11/20/15 1:25 PM

Nadat die koring tot meel gemaal is, kekkel die rooi hennetjie: "Wie gaan my help om brood te bak?"

"Nie ek nie," runnik die perd.
"Nie ek nie," blêr die skaap.
"Nie ek nie," balk die donkie.

Die rooi hennetjie bak toe self die brood.





Anthology_Afr.indb 26 11/20/15 1:25 PM

Nadat die brood gebak is, kloek die rooi hennetjie: “Wie gaan my help om die brood te eet?”

“Ons sal!” roep al die diere.

“Nee, julle sal nie,” kekkel die rooi hennetjie. “Ek gaan dit self eet.”

“Kloek-kloek,” roep sy haar kuikens. “Kom eet hierdie brood!”





Hulle smul toe heerlik aan die brood.

’n Mens maai wat jy saai!

Anthology_Afr.indb 27 11/20/15 1:25 PM

2. Heuningbeer sit vas



Heuningbeer woon in die woud.
Hy het baie maats.



Heuningbeer is altyd honger en het altyd lus vir heuning.



Eendag raak Heuningbeer se heuning op. Hy wil die potjie leeg lek, maar toe sit sy kop daarin vas.



Eendag klim Heuningbeer in 'n boom om heuning uit 'n bynes te haal. Daar breek die tak en hy sit in die boom vas.

Anthology_Afr.indb 28 11/20/15 1:25 PM



Heuningbeer is weer in die moeilikheid.





Vandag gaan Heuningbeer vir Hasie kuier in sy huisie onder die grond. Heuningbeer sukkel om in te kom, want die deur is te klein vir hom.

Anthology_Afr.indb 29 11/20/15 1:25 PM



Heuningbeer eet al Hasie se heuning op. Nou is sy maag baie vol en baie seer.



Heuningbeer probeer uit Hasie se huis uitkom, maar hy sit in die gat vas.

Anthology_Afr.indb 30 11/20/15 1:25 PM



Heuningbeer se maats kom elke dag kuier.

Bongi en Chris lees vir hom stories.



Uiteindelik skiet Heuningbeer los. Al sy maats land kaplaks op die gras.

Wat maak Heuningbeer toe? Hy hardloop om heuning te gaan haal want sy maag is dolleeg en hy is rasend van die honger.

Anthology_Afr.indb 31 11/20/15 1:25 PM

3. Die lelike eendjie

Eendag lank gelede het Moeder Eend met haar gesin op 'n plaas gewoon. Moeder Eend het op sewe eiers gesit.



Die eiers het een vir een oopgekraak. Almal behalwe een. Dit was 'n baie groot eier.



Moeder Eend het dae lank op die groot eier gesit. Uiteindelik het dit oopgekraak. Daar spring die laaste baba uit! Hy lyk groot en sterk. Hy is 'n baie lelike eendjie.



Anthology_Afr.indb 32 11/20/15 1:26 PM

Moeder Eend neem toe ewe trots al haar baba-eendjies na die dammetjie toe.



Al die eendjies spring in die water. Hulle swem en speel. Die lelike eendjie swem beter as al die ander eendjies.



Hulle gaan toe weer terug plaas toe. Die ander diere is onbeskof met die lelike eendjie. Die henne pik hom en die honde blaf vir hom.



Anthology_Afr.indb 33 11/20/15 1:26 PM

Een nag besluit die lelike eendjie
om weg te loop.



Almal is so lelik met my.
Ek gaan wegloop.

Die lelike eendjie loop weg rivier toe.
Daar sien hy pragtige groot voëls wat
in die water swem. Hulle het wit vere en
pragtige, groot vlerke. Hulle lyk ook baie
statig met hulle lang nekke.



Ek wens ek kon saam met
hulle speel. Hulle is só
mooi en ek is so lelik.



Dit word toe winter.
Orals lê daar sneeu op die grond.
Die rivier verys. Die lelike eendjie
kry koud en hy is baie alleen en
ongelukkig.

Uiteindelik kom die lente.
Die son skyn weer en die bome
word weer groen.

Een oggend sien die lelike eendjie
weer die pragtige swane.



Anthology_Afr.indb 34 11/20/15 1:26 PM

Die eendjie is baie hartseer. Hy voel baie lelik en baie alleen. Hy begin huil.



Tussen sy trane deur, laat hy sy kop hang. Hy sien sy weerkaatsing in die water. Hy is 'n pragtige swaan!



Net toe swem die swane verby. Hulle roep die lelike eendjie om saam met hulle te swem. Die lelike eendjie klim in die water en hy voel weer baie gelukkig.

Jy is uniek en besonders.



Anthology_Afr.indb 35 11/20/15 1:26 PM

4. Gouelokkies en die drie beertjies



Die drie beertjies maak vir hulle pap op die stoof.



Die pap is baie warm.



Bababeer het glad nie maatjies nie.

Anthology_Afr.indb 36 11/20/15 1:26 PM



Gouelokkies sien die drie bere se huis.



Sy proe aan die pap in al drie die bakkies.



Gouelokkies stap na die bere se kamer toe. Sy gaan op elke bed lê. Sy raak op die derde bed aan die slaap.

Anthology_Afr.indb 37 11/20/15 1:26 PM





Anthology_Afr.indb 38 11/20/15 1:26 PM



Gouelokkies word wakker. Sy skrik groot.



Bababeer is nou baie bly. Hy het 'n nuwe maatjie.

Anthology_Afr.indb 39 11/20/15 1:26 PM

5. Jan en die boontjierank



Eendag was daar 'n seuntjie. Sy naam was Jan en hy het by sy ma gewoon. Hy het nie 'n pa gehad nie. Toe sy pa nog gelewe het, het 'n nare reus sy harp gesteel en ook sy hen wat goue eiers gelê het.



Nou is Jan en sy ma baie arm. Al wat hulle oorhet, is 'n koei. Jan se ma vra hom om die koei mark toe te neem en te verkoop.

Anthology_Afr.indb 40 11/20/15 1:26 PM

Op pad mark toe loop Jan die slagter raak. Hy bied vir Jan vyf towerboontjies aan in ruil vir die koei. Jan gee vir hom die koei en neem die towerboontjies.





Jan se ma is baie kwaad. Sy gooi die boontjies by die venster uit. Daar is nie meer kos nie, daarom gaan sy en Jan sonder aandete bed toe.

Anthology_Afr.indb 41 11/20/15 1:26 PM



Die volgende dag staan daar ’n hoë boontjierank langs die huis. Jan besluit dadelik om met die boontjierank op te klim.

Toe Jan heel bo kom, sien hy dat die nare reus daar woon. Hy sien sy pa se hen en sy harp onder die reus se bed. Daar is ook ’n groot sak goud. Vinnig gryp hy die goud en klim weer met die boontjierank af.



Anthology_Afr.indb 42 11/20/15 1:26 PM

Die volgende dag klim Jan weer met die rank op om sy pa se hen en sy harp te gaan haal.

Saggies haal hy die hen en die harp onder die reus se bed uit. Op daardie oomblik skrik die reus wakker. Hy spring orent om Jan agterna te sit.





Jan klim vinnig by die boontjierank af, die nare reus kort op sy hakke.





Anthology_Afr.indb 43 11/20/15 1:26 PM

Jan skreeu vir sy ma om die byl te bring.



Soos blits kap Jan se ma die boontjierank af. Voordat die reus vir Jan kan vang, stort die hele boontjierank ineen.



Anthology_Afr.indb 44 11/20/15 1:26 PM



Van toe af was Jan en sy ma nooit weer arm of honger nie.

Harde werk en eerlikheid word beloon.



Anthology_Afr.indb 45 11/20/15 1:26 PM

6. Die gemmerbroodmannetjie



Lank gelede het 'n ou vroutjie en haar ou man in 'n klein huisie gewoon. Eendag was hulle baie honger. Hulle besluit om 'n gemmerbroodmannetjie te bak.

Hulle gebruik rosyne vir sy oë en kersies as knopies. Hulle sit hom in die oond om te bak. 'n Rukkie later maak die vroutjie die oonddeur oop. Dadelik spring die gemmerbroodmannetjie uit die oond uit en deur 'n oop venster na buite.

Gemmerbroodmannetjie:
Moet my nie eet nie!

Vroutjie: Stop! Stop!

Gemmerbroodmannetjie:
Hardloop maar so vinnig jy kan.
Jy sal my nie vang nie, want ek's
die gemmerbroodman!

Hy hardloop met die
pad af na die rivier toe.
Op pad daarheen kom hy
baie honger diere teë.

Vark: Stop! Stop!
Ek wil jou graag eet!

Gemmerbroodmannetjie:
Hardloop maar so vinnig jy kan.
Jy sal my nie vang nie, want ek's
die gemmerbroodman!

Koei: Stop! Stop!
Ek wil jou graag eet!

Gemmerbroodmannetjie:
Hardloop maar so vinnig jy kan.
Jy sal my nie vang nie, want ek's
die gemmerbroodman!







Anthology_Afr.indb 46 11/20/15 1:26 PM

Die vroutjie, die vark en die koei sit die gemmerbroodmannetjie agterna. Hulle kry hom nie gevang nie.

Kort voor lank kom die gemmerbroodmannetjie 'n perd teë.

Perd: Stop! Stop! Ek wil jou graag eet!

Gemmerbroodmannetjie:
Hardloop maar so vinnig jy kan.
Jy sal my nie vang nie, want ek's
die gemmerbroodman!

Die vroutjie en haar man, die vark, die koei en die perd hardloop almal agter die gemmerbroodmannetjie aan. Die gemmerbroodmannetjie lag vir hulle, omdat hulle hom nie kan vang nie, maar toe kom hy by die rivier.

Gemmerbroodmannetjie:
O aarde! Ek kan nie swem nie – hulle gaan my vang!

Jakkals: Ek sal jou help om die rivier oor te steek. Spring op my stert, dan swem ek met jou oor.

Gemmerbroodmannetjie: Jy sal my nie eet nie, sal jy?

Jakkals: Natuurlik nie!

Rats klim die gemmerbroodmannetjie op die jakkals se stert. Die jakkals spring in die water en begin swem. Gou begin die gemmerbroodmannetjie nat word.

Jakkals: Klim op my rug. Nee, jy is te swaar en ek is te moeg. Spring eerder op my neus.

Hulle het pas die ander oewer bereik toe die jakkals die gemmerbroodmannetjie in die lug opskiet. Hy maak sy bek wawyd oop en neem 'n groot hap.

Dit was die einde van die gemmerbroodmannetjie.



Anthology_Afr.indb 47 11/20/15 1:26 PM

7. Die drie varkies

Die drie varkies besluit om van die huis af weg te trek. Hulle wil hulle eie huise gaan bou.

"Totsiens, Mamma, ons gaan ons eie huise bou!" roep hulle uit.



Ná 'n rukkie gaan hulle onder 'n boom sit om piekniek te hou.

Die wolf sien die drie varkies. Hy is baie honger en hy wil hulle graag vir middagete eet.





Anthology_Afr.indb 48 11/20/15 1:26 PM

Die eerste varkie bou sy huis met strooi.



Die tweede varkie bou sy huis met hout.



Die derde varkie bou haar huis met bakstene.



Die wolf wil in die eerste varkie se huis inkom. Hy blaas en hy raas en hy blaas die strooihuis om! Die eerste varkie hardloop na sy boetie se huis toe.



Kort daarna blaas die wolf die houthuis ook om. Baie bang hardloop die eerste twee varkies na hulle sussie in die baksteenhuis toe.



Die wolf probeer die derde huis ook omblaas, maar hy kry dit nie reg nie.



Anthology_Afr.indb 49 11/20/15 1:26 PM

Die varkies kook 'n groot pot water en sit dit onder die skoorsteen neer.





Die wolf gly in die skoorsteen af.

"Nee!" skree die wolf. "Ek het my verbrand!"

Die wolf spring uit die warm water uit en hardloop vir altyd weg.



Anthology_Afr.indb 50 11/20/15 1:26 PM



Die drie varkies sing “Ons is nie bang vir die groot, kwaai wolf nie!”

Hulle woon toe vir altyd gelukkig saam in die baksteenhuis.

Anthology_Afr.indb 51 11/20/15 1:27 PM

8. Die wolf en die sewe bokkies

'n Mammabok en haar sewe klein bokkies het baie diep in die bos gebly. Hulle kos het opgeraak en die mammabok het geweet sy moet kos in die bos gaan soek.

Dit was nie lank nie, toe is daar 'n klop aan die deur.

Wolf: Liewe kinders, maak die deur oop, mamma is terug. Ek het heerlike kossies saamgebring vir julle om te eet.



Mammabok: Kinders, mamma gaan vir ons kos soek in die bos. Julle moet versigtig wees. Sluit die huis en moenie die deur vir enigiemand oopmaak nie - veral nie vir die wolf nie! Hy sal julle opeet. Julle sal die wolf aan sy growwe stem en sy swart pote herken.

Bokkies: Mamma hoef nie bekommerd te wees nie, ons sal mooi na onsself kyk en ons sal nie die deur vir die wolf oopmaak nie.

Bokkies: Ons sal nie die deur oopmaak nie. Jy is nie ons mamma nie! Sy het 'n fyn, sagte stem. Jy is die nare ou wolf!

Die wolf hou nie daarvan om betrap te word nie. Hy gaan eet kalk om sy stem fyner en sagter te laat klink.

Wolf: Maak oop die deur, my liewe kinders, mamma is terug.

Anthology_Afr.indb 52 11/20/15 1:27 PM



Die wolf se stem klink nou fyner en sagter. Die bokkies is op die punt om die deur oop te maak toe hulle die wolf se swart pote deur die venster gewaar.

Bokkies: Ons sal nie die deur vir jou oopmaak nie! Ons mamma het nie swart pote nie. Jy is die nare ou wolf!

Teen hierdie tyd is die wolf baie honger en hoogs geïrriteerd. Hy druk sy pote in koekmeel sodat hulle spierwit word. Toe gaan klop die nare ou wolf weer aan die deur.

Wolf: Bokkies, ek is terug. Maak asseblief die deur vir mamma oop. Ek het baie kos vir julle gebring!

Bokkies: Wys eers vir ons mamma se poot, dat ons seker kan maak dis mamma.

Die nare ou wolf hou toe sy spierwit poot voor die venster, sodat hulle dit kan sien.

Bokkies: Goed, mamma, ons sluit vir mamma die deur oop.

Die bokkies sluit opgewonde die deur oop, maar toe sien hulle dit is die nare ou wolf! Hulle skrik hulle boeglam en raak vreesbevange. Hulle probeer wegkruip. Een bokkie kruip onder die tafel in, 'n tweede een kruip binne-in die bed, 'n derde een kruip in die stoof weg, die vierde bokkie kruip in die kombuis weg, die vyfde bokkie kruip in die kas weg, die sesde bokkie kruip onder die wasbak weg en die sewende bokkie klim binne-in die staanhorlosie.



Die wolf kry ses van die bokkies en sluk al ses bokkies heel in. Die kleinste bokkie bly egter veilig in die staanhorlosie.

Anthology_Afr.indb 53 11/20/15 1:27 PM

Mammabok: Waar is julle, my kinders?

Kid 7: Mamma, hier is ek, binne-in die staanhorlosie. Die wolf het al my boeties en sussies ingesluk.

Mammabok is smoorkwaad. Sy hardloop rivier toe om die wolf te gaan soek, en kry hom onder die bome, waar hy heerlik lê en slaap. Mammabok gluur hom aan en sien sy pens beweeg.

Mammabok: Is dit moontlik dat my kinders steeds kan lewe? Bababokkie, gaan haal gou my skêr, naald en garing.

Mammabok slaan wolf bewusteloos met 'n stomp en sny sy maag versigtig oop. Een, twee, drie, vier, vyf, ses spring haar kinders die een na die ander uit die nare ou bok se maag!

Bokkies: Hoera, ons lewe almal nog!

Mammabok: Kry elkeen gou 'n groot klip en pak dit binne-in wolf se pens.

Saam pak hulle wolf se pens vol klippe. Toe werk mammabok wolf se pens toe. Toe wolf uiteindelik sy bewussyn herwin, is hy verskriklik dors. Wolf leun vooroor om water te drink, maar o wee, sy swaar maag veroorsaak dat hy vooroor val, binne-in die rivier in. Met 'n gespartel kom hy uit die rivier uit. Terwyl hy sy swaar maag vashou, hinkepink hy padlangs om weg te kom. Dit was die laaste sien van die nare ou wolf.



Anthology_Afr.indb 54 11/20/15 1:27 PM

Kortverhale



Ben kry 'n nuwe maat



Jorrie die lorrie



Trudie se droom



Hoe sebra sy strepe gekry het



Ollie die olifant kry 'n lang slurp



Dis 'n hondelewe



Ouma se groentetuin loop deur



Skadumeisie kom tot almal se redding



Die diere onderneem 'n seevaart



Wilma Walvis tot die redding



Die groot ontsnapping



Die veelkleurige blaartjie



Mandu se geheime dagboek



O nee, meneer Leeu!



Bheki se nuwe fiets



Daar's 'n monster in my kas



'n See-avontuur

1. Ben kry ’n nuwe maat

Miems, Lebo en Ben die hond gaan ’n ent stap.

Ben is vandag baie laf. Hy hardloop vir hulle weg.

Miems en Lebo hardloop agter hom aan.

“Kom terug, Ben!” roep Lebo.

Ben hardloop tot by die park. By die park se muur gaan hy staan. Hy ruik iets in die lug.

Wat ruik hy agter die muur? Is dit ’n blou-en-rooi bal?

Woef! Woef! Woef!

“Wat ruik jy, Ben?” vra Miems.

“Is dit dalk ’n been?” wonder Lebo.

“Of kan dit ’n roomys wees?” vra Miems.

Woef! Woef! Woef!



Anthology_Afr.indb 56 11/20/15 1:27 PM

Miems en Lebo volg Ben in die park in.

Kwaak! Kwaak! Kwaak!

“Dit is ’n klein, geel eendjie!”
roep Miems.

“Dalk het hy verdwaal,” sê Lebo.

“Het jy verdwaal, eendjie?”
vra Lebo.

“Kom ons neem hom na die dam toe,” sê
Miems.

Ben begin blaf. Woef! Woef! Woef!

“Nee, Ben!” sê Lebo. “Jy maak die
eendjie bang.”



Anthology_Afr.indb 57 11/20/15 1:27 PM

Miems en Lebo neem die eendjie na die dam toe. By die dam kry hulle 'n mamma-eend en 'n pappa-eend.

"Hier is jou mamma en pappa," sê Miems vir die eendjie.

"Kyk, jou boeties en sussies swem in die dam!" voeg Lebo by.

Kwaak! Kwaak! Kwaak!

"Ek wens ek kon die eendjie huis toe neem," sê Miems.

Die klein, geel eendjie spring dadelik in die water en begin swem.

"Ek dink die eendjie wil by sy mamma, pappa, boeties en sussies bly," sê Lebo.

Kwaak! Kwaak! Kwaak!



Anthology_Afr.indb 58 11/20/15 1:27 PM

Ben kyk hoe die eendjie in die dam swem. Toe spring Ben ook in die dam.

Plas! Plas! Plas!

"Nee, Ben, jou lawwe hond!" roep Lebo. "Klim uit!"

Ben klim uit en skud homself droog.

"Ag nee, Ben, nou is ek ook nat!" roep Miems.

"Kom ons gaan huis toe," sê Lebo.

Ben groet sy nuwe maat.

Woef! Woef! Woef!

Kyk mooi na jou troeteldiere!



Anthology_Afr.indb 59 11/20/15 1:27 PM

2. Jorrie die lorrie





Jorrie is ’n klein geel wiplorrie. Elke dag wens hy hy was groter. Eendag sit Jorrie en kyk hoe ’n vinnige, blou trein verbyry.

“Ek wens ek was ’n vinnige, blou trein,” sê Jorrie vir homself.

Toe sien Jorrie ’n groot, oranje bus.

“Ek wens ek was ’n groot, oranje bus,” sê hy.

Later sien Jorrie ’n groot, blink, wit vliegtuig wat hoog in die lug vlieg.

“Ek wens ek was ’n groot, blink, wit vliegtuig,” sê hy.



Anthology_Afr.indb 60 11/20/15 1:27 PM

Die volgende dag sien Jorrie 'n groot, rooi lorrie op die pad.

"Ag, ek wens ek was 'n groot, rooi lorrie," sug hy.

Daardie middag, toe Jorrie by die rivier sit en rus, sien hy 'n heldergroen boot verbyvaar.

"Ek wens ek was 'n heldergroen boot," sê hy hartseer vir homself.

Kort daarna sien Jorrie 'n vinnige, rooi sportmotor.

"Ek wens ek was so vinnig soos daardie rooi sportmotor!" roep hy uit.



Anthology_Afr.indb 61 11/20/15 1:27 PM

Op daardie oomblik sien Jorrie hoe 'n seuntjie in die rivier inval.

"Help!" roep die seun. "Wie sal my kom help?"

"Nie ek nie," sê die trein.
"Ek kan nie stilhou nie."

"Nie ek nie," sê die bus.
"Ek kan net by bushaltes stilhou."

"Nie ons nie," sê die lorrie en die sportmotor. "Ons kan nie in die water ingaan nie."

"Nie ek nie," sê die vliegtuig.
"Ek vlieg te hoog."

"Nie ek nie," sê die boot. "Die wind waai te sterk. Ek kan nie omdraai nie."





Anthology_Afr.indb 62 11/20/15 1:27 PM

"Ek sal jou help!" roep Jorrie dapper uit.

Hy stort gou al die klippe in sy wipbak op die grond uit. Toe laat hy sy wipbak in die water sak, sodat die seun kan inklim.

"Jippie!" roep die seun. "Ek is veilig! Baie dankie, dapper klein lorrie!"

Jy hoef nie groot te wees om dapper te wees nie.





Anthology_Afr.indb 63 11/20/15 1:27 PM

3. Trudie se droom

Vanaand het Trudie 'n boek oor wilde diere gelees. Later raak sy aan die slaap en droom sy oor die diere.

Trudie droom dat sy 'n klomp gasballonne van verskillende kleure het. Sy vat al die ballonne se toutjies bymekaar en die ballonne help haar om op te styg. Liggies sweef sy by haar kamervenster uit!

Heel bo in 'n boom kom Trudie 'n duif teë. "Hallo, duif, woon jy hier?" vra Trudie hom.

"Ja, dit is my nes," koer die duif vir haar.

In 'n ander boom ontmoet Trudie 'n aap. "Hallo, apie, woon jy hier?" vra Trudie hom.

"Ja, dit is my boom," koggel die aap.

Naby die rivier sien Trudie 'n leeu en 'n jagluiperd. "Hallo, mnr. Leeu en mev. Jagluiperd," groet sy hulle. "Woon julle hier?"

"Ja, ons leeus woon in die bos," brul die leeu.

"Ons jagluiperds woon ook hier," grom die jagluiperd.

'n Entjie verder kom Trudie 'n olifant en 'n renoster teë.

"Hallo, mev. Olifant en mnr. Renoster, woon julle hier?" vra Trudie hulle.

"Ja, dit is ons tuiste," trompetter die olifant.

"Ons woon ook in die bos," snork die renoster.

"Ons ook!" piep 'n klein stemmetjie. Daar sit 'n mier op 'n klip. "Ons miere woon almal saam in 'n miershoop," sê die mier.

By die rivier ontmoet Trudie 'n seekoei. "Hallo, mev. Seekoei, woon jy hier?" vra Trudie haar.

"Ja, dit is ons rivier hierdie," bulk die seekoei. "Die waterskilpad woon ook saam met ons."

'n Entjie verder vlieg Trudie oor 'n krokodil se kop. "Hallo, mnr. Krokodil, woon jy ook hier?" vra Trudie.

"Ja, en as jy nie wegvlieg nie, eet ek jou op!" brom die krokodil.

"Help! Help!" roep Trudie bang. "Die krokodil gaan my eet!"



Anthology_Afr.indb 64 11/20/15 1:28 PM



Anthology_Afr.indb 65 11/20/15 1:28 PM



"Wakker word, Trudie, dis net 'n droom," sê haar ma. "Dis tyd om op te staan en skool toe te gaan – dit is al sesuur."

Trudie vertel haar ma van al die diere wat sy in haar droom ontmoet het.

"Party woon in bome, ander woon in die bos en party woon in die water," sê sy vir haar ma. "In my droom het ek bo-oor almal gevlieg."

Toe draf sy om die skoolbus te haal.

Elke dag is 'n nuwe begin!



Anthology_Afr.indb 66 11/20/15 1:28 PM



Anthology_Afr.indb 67 11/20/15 1:28 PM

4. Hoe sebra sy strepe gekry het

Lank, lank gelede was alle sebras wit.

Eendag is mnr. en mev. Sebra op pad na 'n partytjie. Hulle wil graag baie spesiaal lyk, daarom verf hulle mekaar met helder kleure.

Hulle kyk na mekaar. "Dit lyk nie baie mooi nie," sê mev. Sebra.
Mnr. Sebra stem saam.

Mev. Sebra besluit toe om haar bors swart te verf, en mnr. Sebra verf sy agterlyf swart.

Hulle is nog nie tevrede met hoe hulle lyk nie. Hulle was die verf af, en besluit om hulleself vol swart strepe te verf.

Hulle kyk weer na mekaar en besluit dat hulle baie van die strepe hou.

"Nou lyk ons mooi," sê hulle vir mekaar. Baie tevrede en trots gaan hulle toe partytjie toe.



Anthology_Afr.indb 68 11/20/15 1:28 PM



Toe mnr. en mev. Sebra by die partytjie aankom, is al die ander diere verbaas oor hulle strepe.

"Julle lyk oulik," sê die olifant.

"Julle lyk fraai," sê die seekoei.

"Julle lyk pragtig," sê die renoster.

"Baie dankie," antwoord mnr. en mev. Sebra. "Ons hou ook van ons strepe!"

Almal by die partytjie hou baie van mnr. en mev. Sebra se strepe.

Mev. Kameelperd sê vir mev. Sebra dat die strepe haar regtig goed pas.

Selfs koning Leeu sê vir hulle hoe mooi hulle lyk.

Anthology_Afr.indb 69 11/20/15 1:28 PM

Koning Leeu stel toe voor dat al die sebras hulleself vol swart strepe moet verf. Omdat hy die koning is, maak al die sebras toe so.

'n Paar dae later gaan die sebras rivier toe om hulle strepe af te was, maar hulle kry dit nie reg nie. Hulle besef toe dat die son die strepe in hulle velle ingebrand het.





Anthology_Afr.indb 70 11/20/15 1:28 PM

Tot vandag toe kan die sebras nog steeds nie hulle strepe afkry nie. Dit is waarom al die sebras nou swart strepe het!

Ware skoonheid kom van binne!



Anthology_Afr.indb 71 11/20/15 1:28 PM

5. Ollie die olifant kry 'n lang slurp

Lank, lank gelede het alle olifante kort slurpe gehad.

Eendag, terwyl die groot olifante besig is om te eet, loop Ollie van sy familie af weg.

Hy loop en hy loop en hy loop. Hy hoor nie hoe die ouer olifante hom roep nie.

"Ek wil die wêreld gaan verken," sê Ollie.

Baie gou verdwaal Ollie. "Ek wens ek was by my familie," sê hy vir homself.

Kort daarna kom hy 'n leeu teë.

"Is ek 'n leeu?" vra Ollie die leeu. "Hoort ek by jou?"

"Nee, jy het nie groot tande nie en jy kan nie brul nie," antwoord die leeu. "Gaan terug na jou ma toe."

By die rivier ontmoet Ollie 'n seekoei.

"Is ek 'n seekoei?" vra hy. "Hoort ek by jou?"



Anthology_Afr.indb 72 11/20/15 1:28 PM

“Nee, jy kan nie so lank soos ek onder water bly nie,” antwoord die seekoei. “Boonop het ek klein oortjies en jy het groot ore. Gaan terug na jou ma toe.”

’n Ent verder kom Ollie op ’n kameelperd af. Hy rek sy nek om met die kameelperd te praat.

“Is jy my ma?” vra hy die kameelperd. “Hoort ek by jou?”

“Nee, jou nek is te kort,” antwoord die kameelperd. “Gaan terug na jou ma toe.”

Ollie stap nog ’n ent verder, totdat hy oor ’n skilpad val. Hy kyk af na die skilpad.

“Hoort ek by jou?” vra hy haar.

“Nee, jy dra nie jou huis op jou rug nie,” antwoord die skilpad. “Gaan terug na jou ma toe.”

Ollie kom weer by ’n rivier, waar hy ’n krokodil ontmoet. Die krokodil is honger en wil hom eet.



Anthology_Afr.indb 73 11/20/15 1:28 PM

"Hoort ek by jou?" vra Ollie die krokodil. "Is ek jou kind?"

"Kom nader, sodat ek jou beter kan sien," antwoord die krokodil.

Ollie stap in die water in ...

... Die krokodil pak Ollie aan sy kort slurp beet. Die krokodil begin vir Ollie dieper in die water intrek.



Op daardie oomblik sien Ollie se ma haar baba. "Laat los my baba!" skree sy kwaai vir die krokodil. Sy trek vir Ollie aan sy stert uit die rivier uit.

"Ollie, my baba! Waar was jy gewees?" roep sy uit.

"Ek het Mamma gaan soek," antwoord Ollie, baie bly om weer by sy ma te wees.

Skielik sien Ollie sy slurp raak. "O, kyk hoe lank is my slurp!" roep hy uit. "Ek lyk nou skoon laf!"

Anthology_Afr.indb 74 11/20/15 1:28 PM

"Dit maak nie saak nie," sê 'n klein voëltjie vir hom. "Jy kan dit gebruik om jouself nat te spuit en om lekker vrugte te pluk."

Van toe af geniet Ollie sy lang slurp. Al die ander olifante raak toe jaloers en besluit om hulle slurpe ook te rek. Tot vandag toe het al die olifante lang slurpe.

Ollie dwaal nooit meer ver van sy familie af nie.

Hy weet nou dat hy nie 'n leeu of 'n seekoei is nie. Hy is nie 'n kameelperd of 'n skilpad nie.

Hy is ook nie 'n krokodil nie. Hy is Ollie, en hy is 'n olifant. Hy hoort by die olifante tuis.

"Ek is 'n olifant," sê Ollie trots vir homself.

Geniet dit om jou ware self te wees!



Anthology_Afr.indb 75 11/20/15 1:28 PM

6. Dis 'n hondelewe



Dis vroeg in die oggend. Karien en Lebo klim op die skoolbus. Arme Ben mag nie saamgaan nie.

"Nee, Ben, jy mag nie inklim nie!" sê Lebo. "Geen honde word toegelaat nie!"



Later die middag gaan Karien en Lebo biblioteek toe. Arme Ben mag nie in die biblioteek ingaan nie. Hy wag by die deur.

"Nee, Ben, jy mag nie inkom nie!" sê Karien. "Geen honde word toegelaat nie!"

Anthology_Afr.indb 76 11/20/15 1:28 PM

Die volgende dag gaan Karien en Lebo strand toe. Arme Ben mag nie saam met hulle gaan nie.

"Nee, Ben, jy mag nie saam met ons kom nie!" sê Karien. "Geen honde word toegelaat nie!"

Later gaan Lebo en Karien in die park speel. Arme Ben mag nie in die park ingaan nie.

"Nee, Ben, jy mag nie inkom nie!" sê Karien. "Geen honde word toegelaat nie!"

Arme Ben sit onder die boom by die hek.

"Grrr!" sê Ben. Hy wag en hy wag. Later raak hy aan die slaap.

Zzzzzzzzz …

Hy begin droom.



Anthology_Afr.indb 77 11/20/15 1:28 PM



Wat droom Ben?

Ben droom hy ry op die bus.

"Ek sal heel voor sit," dink Ben. Hy kyk by die venster uit en geniet die rit.

Ben droom hy gaan saam met die meisies skool toe. Hy sit heel voor in die klas, tussen Lebo en Karien.

"Ek kan nie wag vir pouse nie," sê hy vir homself. "En dan is daar nog middagete ook!"

Ben droom dat hy op die strand is. Hy grawe in die sand en ry branderplank op die golwe. Hy geniet sy lewe.

"Die lewe is 'n fees!" dink hy.

Anthology_Afr.indb 78 11/20/15 1:28 PM

Ben droom dat hy in die park speel saam met baie ander honde. Daar is groot honde en klein honde en lang honde en kort honde.

Hy spring op die swaai. “Swaai, swaai!” sing hy.

Ben draai al in die rondte op die rondomtalie. Hy gly ’n paar keer by die glyplank af. Hy wip op en af op die wipplank. Daarna grawe hy ’n gat in die sandput. Hy geniet sy dag!

Op daardie oomblik maak Lebo hom wakker. “Word wakker, Ben!” sê Lebo. “Ons gaan nou huis toe.”

“Hoe nou? Moet ek wakker word?” dink Ben. “Beteken dit dat ek gedroom het?”

Toe onthou hy alles.

“Ag nee, dis ’n hondelewe!” dink Ben.

Honde gaan graag oral saam met ons!



Anthology_Afr.indb 79 11/20/15 1:28 PM

7. Ouma se groentetuin loop deur

Malvin en Daantjie woon in dieselfde straat. Hulle gaan ook na dieselfde skool toe en is in dieselfde Graad 4-klas. Albei seuns speel graag sokker. Om die waarheid te sê, hulle speel sokker net wanneer hulle kan! Die meeste middae ná skool ontmoet hulle mekaar in die oop veld langs Malvin se huis. Ouma Marilyn woon in dieselfde straat, net oorkant die oop veld.

Die twee seuns speel al van jongs af saam sokker. Hoe ouer hulle word, hoe harder skop hulle. Soms skop hulle te hard en dan beland die bal in Ouma se tuin. Ouma maan hulle om altyd die hekkie agter hulle toe te maak wanneer hulle die bal in haar tuin kom haal. Sy herinner hulle daaraan dat daar baie bokke in die omgewing rondloop. Sy wil nie hê een van hulle moet in haar tuin inkom en die groente opvreet nie.

Een Donderdagmiddag maak Ouma gereed vir besoekers uit die Kaap. Sy sien uit na hulle besoek. Sy beplan om vir hulle 'n heerlike groentebredie en 'n groot pot groentesop te maak. Haar tuin is propvol heerlike, vars groente. Daar groei wortels, beet, koolkoppe, tamaties, spinasie en boontjies in haar tuin.



Anthology_Afr.indb 80 11/20/15 1:28 PM



Soos gewoonlik speel Malvin en Daantjie in die oop veld sokker. Albei probeer om 'n doel aan te teken. Malvin skop die bal tot in Ouma se tuin en hulle nael toe albei om die bal te gaan haal. Hulle vergeet skoon om die hekkie weer agter hulle toe te maak.

Binne 'n japtrap vreet die buurt se bokke al die groente in die tuin op! Al die wortels, beet, koolkoppe, tamaties, spinasie en boontjies wat so pragtig daar gegroei het, word gulsig verorber. Daar bly niks van die tuin oor nie!

Ouma is woedend. "Het julle die hekkie oopgelaat?" vra sy die seuns.

"Nee, Ouma, dit was nie ek nie," antwoord Malvin benoud.



Anthology_Afr.indb 81 11/20/15 1:28 PM



"Nee, Ouma, dit was ook nie ek nie," ontken Daantjie ewe vinnig.

"Wie was dit dan?" vra Ouma.

Nie een van hulle antwoord haar nie. Sonder 'n verdere woord draai Ouma om en draf na 'n taxi toe. Sy sal groente by die mark moet gaan koop!

Malvin en Daantjie voel baie jammer dat hulle die hekkie oopgelaat het. Hulle voel ook skuldig omdat hulle gejok het en nie die waarheid vertel het nie.

Malvin en Daantjie wag vir Ouma om van die mark terug te kom. Sy klim uit die taxi met 'n inkopiesak vol groente. Die twee seuns help haar om die groente huis toe te dra. Hulle help haar ook om vir haar gaste uit die Kaap voor te berei.

Ouma se gaste arriveer uit die Kaap. Daar is net twee klein potjies op die stoof. Ná middagete is almal nog honger. Ouma haal moedeloos haar skouers op. Sy het nie geld gehad om genoeg groente vir haar gaste te koop nie. Hartseer kyk sy na haar leë tuin. Sy vertel vir haar gaste hoe die bokke al haar groente opgevreet het.

Die volgende dag kyk Ouma by haar venster uit. Sy sien dat Malvin en Daantjie en al die ander kinders van die straat in haar tuin kom werk het. Hulle spit en plant saailinge. Ouma kom uit om te kyk wat hulle doen.



Anthology_Afr.indb 82 11/20/15 1:29 PM



Malvin en Daantjie wys vir Ouma die nuwe veerslot wat hulle aan die hekkie aangebring het. Nou sal die hekkie self toeslaan elke keer nadat dit oopgemaak is.

"Ons het die hekkie oopgelaat, Ouma," sê Malvin. "Ons is jammer ons het daaroor gejok."

"Dit sal nooit weer gebeur nie, Ouma!" voeg Daantjie by.

Erken jou foute en sê jy is jammer.

Anthology_Afr.indb 83 11/20/15 1:29 PM

8. Skadumeisie kom tot almal se redding

Dit is Tania se tiende verjaarsdagpartytjie. Onder die gaste is die tienjarige Lindi Myeza in haar partytjierok. Alhoewel Lindi soos enige ander tienjarige skoolkind lyk, is sy eintlik 'n superheldin met die merkwaardige vermoë om in 'n skaduwee met buitengewone krag en spoed te verander.



Kinders: [Besig om te sing] Lekker verjaar, ou maat, lekker verjaar. Jy moet lekker verjaar, jy moet lekker verjaar. Lekker verjaar, ou maat, lekker verjaar. Hiep-hiep hoera!

Tania: Ek wonder wat is in al hierdie geskenke? Ek is so opgewonde! Ek weet nie watter een ek eerste moet oopmaak nie.

Willie: Maak myne oop. Ek het iets gekoop waarvan jy gaan hou.

Tania: O, dit is 'n Lego-karretjie! Dankie, Willie. En in hierdie geskenk is daar waterverf. Ag, ek hou daarvan om te skilder! En hier kry ek 'n potloodsakkie. Dankie, Anita, jy het geweet myne is gedaan.

Marie: Hallo, Tania. Ek is jammer ek is laat. Hier is my geskenk. Raai wat dit is!

Tania: Ek kan voel dit is sag. Aha! Dit is 'n teddiebeertjie. O, ek kan hom die hele tyd vasdruk.

Jan: Haai! Wat's dit?

Skielik, uit die bloute, kom 'n dief met 'n klapmus verbygehardloop en gryp al die verjaarsdaggeskenke en die koek.



Anthology_Afr.indb 84 11/20/15 1:29 PM



Kinders: [Skreeu] Stop! Dief!

Tania se ma kom uit die huis uitgehardloop.

Ma: Pasop, kinders! Dit is gevaarlik. Kom almal hier na my toe.

Hond: Woef, woef!

Lindi: [Met 'n woedende gesig en hande op die heupe.] Dit maak my sommer baie kwaad.

Skadumeisie glip by die gaste verby en vlieg oor die rivier. Sy keer die dief voor. Hy skrik so groot dat hy die geskenke en die koek onmiddellik laat val. Gelukkig land die koek saggies op die grond, met die regte kant na bo.

Lindi: [Terwyl sy die man se hande agter sy rug vashou.] Jy't 'n lekker kans gewaag, nè meneertjie? Anita, bel asseblief die polisie.

Polisieman: Mooiskoot, Lindi! Jy het dit sowaar weer reggekry. Hou aan om misdaad te bestry.

Ma: Kry vir jou 'n stukkie koek, Konstabel.

Polisieman: Laat ek net gou hierdie skurk in die vangwa toesluit.

Ma: Sjoe! Dis nou 'n ding! Lindi, jy het my nooit van jou superkragte vertel nie. Ek het nog altyd gedink dis net seuns wat superhelde kan wees, maar vandag het ek gesien dat 'n jonge dame soos jy 'n superheldin is. Ek's beïndruk.

Tania: Ek is so bly jy kon my geskenke terugkry, Lindi! En nou kan ons met die partytjie voortgaan. Maar ek wil net eers vir Lindi dankie sê.

Kinders: [Sing]
Gelukkige heldinnedag
vir jou, Lindi.
Gelukkige heldinnedag!
Ons is trots op jou!



Anthology_Afr.indb 85 11/20/15 1:29 PM

9. Die diere onderneem 'n seevaart

Eendag besluit 'n groep wilde diere, voëls en insekte van Afrika dat hulle die wêreld wil gaan verken. Hulle skaf toe 'n boot aan en vertrek op 'n seevaart.

Hulle geniet die eerste paar dae van hulle nuwe avontuur, maar toe raak hulle verveeld. Hulle begin onder mekaar baklei.

Hannes Houtkapper kry stry met Daantjie Duif. Terwyl hulle in die boot rondrol, pik die houtkapper per ongeluk 'n gat in die boot se romp.

Water begin in die boot instroom.
Die gat word al groter en groter.
Al meer water stroom al vinniger in.



Anthology_Afr.indb 86 11/20/15 1:29 PM

Intussen klap die voëls hulle vlerke om die boot uit die water te probeer lig, maar hulle is nie sterk genoeg nie.

Die olifant probeer ook help. Hy suig water uit die bodem van die boot op en spuit dit in die see terug.

Sjloep, sjor, sjloep, sjor!

Die diere begin bekommerd raak dat die boot kan sink en dat hulle kan verdrink.

"Zoem, zoem, zoem," sê Bessie die bytjie. "Kom ons werk saam om die gat toe te stop.

Al die diere stem saam dat hulle moet saamwerk om die probleem op te los.



Anthology_Afr.indb 87 11/20/15 1:29 PM

Die bye, miere, muise en spinnekoppe doen alles wat hulle kan om die gat toe te stop.

Die spinnekoppe gebruik hulle spindraad en die bye bring byewas en heuning. Die muise sit alles bymekaar om 'n prop vir die gat te probeer maak, maar hulle kry nie die gat toegestop nie.

Die water hou aan om in die boot in te stroom. Die water in die boot word al dieper.

Die diere begin nou bekommerd raak dat die boot gaan sink. Hulle raak bang dat hulle gaan verdrink!

Op daardie oomblik swem 'n klein vissie deur die gat.

"Kan jy ons help, vissie?" vra die diere angstig.

"Ja, natuurlik," antwoord die vissie vrolik.



Anthology_Afr.indb 88 11/20/15 1:29 PM

Dadelik swem die vissie om Walter Walvis te gaan haal. Walter haas hom na die boot toe. Hy druk sy groot lyf teen die gat en so keer hy dat meer water in die boot instroom.

Uiteindelik hou die water op om in te stroom. Nou kan die diere die boot heelmaak.

"Hiep-hiep-hoera vir Walter Walvis!" juig al die diere.

"Dankie, vissie, dankie, Walter Walvis," roep Koning Leeu. "Julle het ons gered!"

Die diere is bly en opgewonde, want nou kan hulle die seevaart voortsit.

"Dit is beter om saam te werk as om alleen te probeer werk!" sê die diere vir mekaar.

Saam verrig ons meer!



Anthology_Afr.indb 89 11/20/15 1:29 PM

10. Wilma Walvis tot die redding

Lank, lank gelede het 'n Anemoonvis-gesin op 'n koraalrif in die blou see gewoon. Daar was 'n mamma, 'n pappa en hulle drie kinders.



Elke middag ná skool help die drie kinders hulle ouers om hulle huis op die koraalrif aan die kant te maak.

Daarna doen die drie kinders hulle tuiswerk. Dan gaan hulle met hulle maatjies op die koraalrif speel.

Die Anemoonvis-gesin is baie gelukkig. Hulle kry baie op die koraalrif te ete, en hulle voel baie veilig.

Tot eendag ...

.... toe die Anemoonvis-gesin iemand om hulp hoor roep.

"Help! Help! Help!"

"Wie roep so?" vra mev. Anemoonvis.





Anthology_Afr.indb 90 11/20/15 1:29 PM



“Wat op aarde is aan die gang?” vra mnr. Anemoonvis.

“Ons is bang!” roep die drie kinders.

Meteens sien hulle hom! ’n Yslike haai met enorme, skerp tande, wat arme Engela Engelvis jaag.

“Dit is Hendrik Haai!” roep mnr. Anemoonvis uit.

Met Hendrik Haai kort op haar stert, swem Engela Engelvis so vinnig as wat sy kan al dieper die see in.

Die Anemoonvis-gesin wil vir Engela Engelvis help, maar hoe? Vinnig sit hulle koppe bymekaar.

Dan onthou hulle. Daar is een vis wat nie vir Hendrik Haai bang is nie. Dit is Wilma Walvis!

Dadelik bel mnr. Anemoonvis vir Wilma Walvis.

“Help! Wilma, jy moet kom help! Hendrik Haai wil vir Engela Engelvis opvreet. Sy is regtig in die moeilikheid!”



Anthology_Afr.indb 91 11/20/15 1:29 PM

Wilma Walvis haas haar na hulle toe.

"Ek sal vir Engela Engelvis gaan help!" sê sy. "Ek is groot en sterk. Ek is nie vir Hendrik Haai bang nie."

"Dankie dat julle my gehelp het!" roep Engela vir die Anemoonvisgesin. Daarna swem sy so vinnig as wat sy kan terug na haar huis toe – ver, ver weg van Hendrik Haai af.

"Wilma Walvis het tot ons redding gekom!" roep die Anemoonvisgesin bly.

Vriende vertrou mekaar en help mekaar.



Anthology_Afr.indb 92 11/20/15 1:29 PM



Anthology_Afr.indb 93 11/20/15 1:29 PM



II. Die groot ontsnapping

Dit is 'n warm somersaand, en die opsigter van die dieretuin is op pad huis toe. Voordat hy vertrek, maak hy seker dat die hokke van al die diere gesluit is.

"Goeienag, diere, ek sien julle weer môre," sê hy terwyl hy die bobbejaan se hok sluit.

"Goeienag," antwoord Bennie die parmantige bobbejaan, terwyl hy versigtig die opsigter se sleutels van sy gordel aflig.

"Ek is moeg," sê die opsigter. "Ek is so bly dis tyd om huis toe te gaan. Ek is ook honger – ek sien uit daarna om saam met my gesin iets te eet."

Toe Bennie die bobbejaan nie meer die opsigter kan sien nie, loop hy van hok tot hok om almal weer oop te sluit.

"Hallo, Santjie Seekoei," sê hy, "kom uit, dis tyd om 'n heerlike partytjie te hou!"

"Goeienaand, Leon Leeu," sê hy vir die statige leeu. "Kom gerus uit, dan kuier jy saam met ons!"

Die vrolike diere gesels opgewonde oor hoe lekker dit gaan wees om van die dieretuin weg te kom.

Die spelerige apies is die eerste wat ontsnap. Al drie-en-twintig van hulle klim oor die dieretuin se heining en draf dadelik na die park toe.

Die apies is baie opgewonde. Hulle het 'n tafel ontdek wat vir 'n verjaarsdagpartytjie gedek is. Dadelik begin hulle aan die heerlike lekkernye smul. Sommer gou eet hulle alles op.

Daarna speel die vrolike apies op die mallemeule en op die swaaie.

Anthology_Afr.indb 94 11/20/15 1:29 PM



Op daardie oomblik word die park se sekuriteitswag wakker nadat hy bietjie ingesluimer het. Hy is baie verbaas toe hy drie-en-twintig lastige apies in die park sien baljaar.

"Bedrieg my oë my?" vra hy homself af.

Sara, die stadige skilpad, is nog besig om by die dieretuin se hek uit te skuifel.

"O aarde!" sê sy vir haarself. "Sjoe! Dit is harde werk hierdie. Ek dink ek gaan eerder in die dieretuin bly en rus." Sara is reeds 'n eeu oud en sy is heeltemal te moeg om die ander diere te volg.

Santjie, die mollige seekoei, besluit om die dieretuin te verlaat. Stadig stap sy in die dorp se besige hoofstraat af.

Sy is verbaas oor hoe raserig die verkeer is. Die lawaai is vir haar net te veel!

Sy besluit om in die pragtige fontein buite die stadsaal te klim om 'n bietjie te rus. Sy kan egter nie lekker slaap nie, want die getoeter van motors en die sirenes van noodvoertuie hou haar wakker.

Leon die leeu stap in die straat af op soek na iets te ete. Is daar enigiets waaraan hy kan peusel?

Hy loer by die supermark in.

"Help! Help!" skree die klante verskrik.

"Help! Help!" skree die senuweeagtige bestuurder oor die telefoon. "Daar is 'n gevaarlike leeu in die winkel! Regtig, dis die waarheid!"

Okkie die hulpvaardige olifant is die laaste dier wat die dieretuin verlaat. Hy stap rustig deur die dorp.

Hy sien 'n huis wat aan die brand is. Dadelik haas hy hom daarheen. Hy suig water uit die swembad op en spuit dit oor die huis. Gou is al die vlamme geblus.

"Wel gedaan, mnr. Olifant!" roep die dankbare brandbestryders.

"Hoera!" skree die geesdriftige toeskouers.



Anthology_Afr.indb 95 11/20/15 1:29 PM

Okkie stap verder in die besige straat af.

Hy kom vir Ntebo teë. Sy sukkel om ’n swaar emmer water te dra.

“Ek mors heeltyd my water,” verduidelik sy moedeloos.

“Kom ek help jou om die water te dra,” sê die hulpvaardige Okkie.

Hy lig Ntebo op sy rug en maak haar emmer uit ’n watertenk vol.



Kallie Kameelperd het ook ontsnap en stap in die besige straat af op pad na die biblioteek toe. Hy loop by ’n bus verby en loer by een van die vensters in.

“Pas op!” skree die versigtige busbestuurder.

Anthology_Afr.indb 96 11/20/15 1:30 PM



Intussen het die opsigter van die dieretuin en al sy assistente na die ontsnapte diere begin soek. Die polisie help ook soek.

Koerantberigte en radioflitse waarsku mense teen die hongerige leeu wat in die winkels rondsnuffel.

Toe die diere sien hoe almal rondskarrel, besluit hulle soos een man om terug te gaan dieretuin toe.

"Dis nie maklik om smaaklike kos in die dorp te kry nie," sê Leon die leeu.

"Ek kan nie slaap met al die raserige verkeer nie," sê Santjie die seekoei.

"Die stad is 'n betonoerwoud," sê Okkie die olifant.

"Ons het 'n heerlike partytjie gehou, maar nou is ons moeg en wil ons huis toe gaan," sê die apies.

Op daardie oomblik kom die baie verligte opsigter ook net by die dieretuin aan. Hy sien toe hoe Bennie die bobbejaan die hokke vir die ander diere oopsluit.

"O, nou weet ek wat van my sleutels geword het!" sê die opsigter.

Oos wes, tuis bes!



Anthology_Afr.indb 97 11/20/15 1:30 PM



12. Die veelkleurige blaartjie

Daar het ’n boom in ’n tuin gestaan. Die wind het begin waai en een van die blaartjies het begin bewe.

Die blaartjie het van die boom afgeval. Liggies het dit na onder gesweef, totdat dit op die gras onder die boom beland het.

Daar het ’n kat op die gras gesit. “Hallo, groen blaartjie,” het die kat gesê. “Kan ek ’n bietjie met jou speel?”



Die blaartjie wou net “ja” sê, toe die wind weer begin waai. “Woesj!” waai die wind en lig die klein blaartjie hoog in die lug in. Die wind neem die blaartjie ver met hom saam. Toe laat hy die blaartjie saggies langs ’n pad val.

“Hallo, geel blaartjie,” sê ’n voël daar naby. “Gaan jy ’n bietjie by my bly?” “Dis vreemd,” sê die blaartjie vir homself. “Die kat het my groen genoem en nou sê die voël ek is geel. Ek wonder watter kleur ek is?”



Die blaartjie wil net vir die voël vra, toe die wind weer begin waai. “Woesj!” sê die wind, en hy lig die blaartjie hoog die lug in en neem hom ’n ver ent daarvandaan. Uiteindelik laat hy die blaartjie saggies in ’n groot veld sak.

Anthology_Afr.indb 98 11/20/15 1:30 PM



In die veld is daar koeie wat die gras eet. Een van die koeie staan nader en kyk na die blaartjie. "Moe," sê die koei, "hallo, oranje blaartjie."

"Dis vreemd," sê die blaartjie vir homself. "Die kat sê ek is groen en die voël sê ek is geel. Nou sê die koei ek is oranje. Ek wonder watter kleur ek is?"

Die blaartjie wil net die koei vra, toe die wind weer begin waai. "Woesj!" sê die wind en lig die blaartjie hoog in die lug op. Die wind dra die blaartjie 'n ver ent en laat hom toe saggies bo-op 'n heuwel neer.

Die blaartjie lê 'n hele tydjie daar. Toe kom 'n bok daar aan. "Hallo, rooi blaartjie," sê die bok. "Het jy op die heuwel by my kom bly?"

"Dis vreemd," sê die blaartjie. "Die kat het gesê ek is groen en die voël het gesê ek is geel en die koei het gesê ek is oranje. Nou sê die bok ek is rooi. Ek wonder watter kleur ek is?"



Die blaartjie lê 'n rukkie lank heeltemal stil. "Hallo, bruin blaartjie," sê 'n vark. "Ek het jou byna geëet. Het die wind jou hierheen gebring?"

"Dis vreemd," sê die blaartjie. "Die kat het gesê ek is groen, die voël het gesê ek is geel, die koei het gesê ek is oranje en die bok het gesê ek is rooi. Nou sê die vark ek is bruin. Ek wonder watter kleur ek is?"



Net toe sien 'n seuntjie die blaartjie en tel dit op. "Kyk," sê hy vir sy ma, "kyk na hierdie goue blaartjie. Kyk ook na na al die ander blare. Hulle is groen en geel en oranje en rooi en bruin en goud."

"Ja," sê sy ma. "Noudat die somer verby is, het die blare almal herfskleure gekry."

Geniet die natuurskoon om jou!



Anthology_Afr.indb 99 11/20/15 1:30 PM

13. Mandu se geheime dagboek

Mandu hou daarvan om elke dag in haar dagboek te skryf. Elke dag skryf sy wat sy daardie dag gedoen het. Sy skryf ook haar geheime neer, wat sy nie wil hê enigiemand anders moet sien nie. Sy weet dat sy 'n goeie wegsteekplek vir haar dagboek nodig het. Sy kyk in haar slaapkamer rond en wonder waar sy dit kan wegsteek, sodat niemand dit sal kry nie. Uiteindelik besluit sy om dit onder haar bed weg te steek.

Een middag, toe Mandu en haar maat Anita van die skool af terugkom, kry Mandu haar dagboek oop op die vloer in haar kamer. "Kyk Anita! Iemand het my dagboek gelees!" gil sy.

"Moenie bekommerd wees nie," troos Anita haar. "Soek net 'n beter plek om dit weg te steek."

Hulle kyk na die dagboek. "Kyk net hierdie vuil merke," sê Anita. "Dit is 'n gawe leidraad."

"Ek wed jou dis my boetie Ndi," sê Mandu. "Sy hande is altyd vuil." Maar toe onthou sy dat haar boetie net vyf jaar oud is en nog nie kan lees nie.

Anthology_Afr.indb 100 11/20/15 1:30 PM

Net toe kry Mandu 'n blonde haar tussen die dagboek se bladsye. "Dit is 'n belangrike leidraad," sê sy. "Iemand met blonde hare moes my dagboek gelees het. Maar almal in my gesin het swart hare. Wie kon dit gewees het?" vra sy, terwyl sy agterdogtig na Anita se blonde hare kyk.

Die twee meisies besluit om 'n lokval te stel. Mandu sit haar dagboek onder haar bed terug. Sy sprinkel 'n bietjie meel op die vloer langs haar bed.

Enigiemand wat naby haar dagboek kom, sal nou voetspore in die meel laat. Die meisies verlaat die kamer, kruip om die hoek weg en wag!

Skielik hoor hulle krapgeluide uit die slaapkamer. Hulle hardloop terug om te kyk wie dit is. En wat kry hulle?

Die vloer is vol melerige voetspore. En daar is die skuldige! Zola, Mandu se hond, wat lang, wit hare het, is besig om met die dagboek te speel!

Die meisies kan skaars hulle oë glo. Zola was die leser van die dagboek!

"Volgende keer sal jy 'n baie beter plek moet soek om jou dagboek weg te steek," lag Anita, terwyl sy haar vingers deur haar blonde hare trek.

Anthology_Afr.indb 101 11/20/15 1:30 PM

14. O nee, meneer Leeu!

Eenmaal, lank gelede, het die diere van Groen Woud gelukkig saam gewoon. Die lewe was wonderlik. Die haastige hasies, die streperige sebras, die gesette seekoeie, die slim krokodil, die lywige olifante en die ratse apies het almal gelukkig saam gewoon … totdat die gemene leeu daar ingetrek het en hulle almal wou opvreet!

Van daardie dag af was die diere heeltyd baie bang. Eendag het hulle egter 'n dapper besluit geneem: hulle sou met die leeu gaan praat en 'n oplossing vir hierdie probleem vind.

Toe die leeu al die diere sien nader kom, is hy baie ingenome, omdat hy meen dat hy nie daardie dag sal hoef te jag nie – sy maaltyd sou afgelewer word.

Maar net toe sy bek begin water by die gedagte aan middagete, praat die dapper apie.

Apie: Asseblief, meneer Koning … e … e … ons moet 'n belangrike saak met u bespreek. Indien u ons almal doodmaak, sal u nie meer die koning wees nie.

Toe begin al die diere byna tegelyk te praat.



Anthology_Afr.indb 102 11/20/15 1:30 PM

Sebra: Ja, u sal niemand hê om oor te heers nie.

Krokodil: U sal heeltemal alleen in u koninkryk wees.

Seekoei: U sal baie honger word, en niemand oorhê om te eet nie!

Olifant: U sal binnekort omkom van die honger!

Hasie: Daarom het ons vir u 'n voorstel: Indien u ophou om ons dood te maak, belowe ons om elke dag vir u iemand te stuur om te eet. U sal nooit weer hoef te jag nie. U sal net heeldag kan sit en TV kyk.

Die leeu luister na alles wat hulle te sê het.

Leeu: Julle sal my kos aflewer? Dit is 'n goeie oplossing! Ek moet julle egter waarsku: indien julle selfs net een dag sou oorslaan, sal ek julle almal in een maaltyd verorber!

Dit is toe so ooreengekom. Van toe af word een dier elke dag na die leeu se lêplek gestuur, en die leeu is baie tevrede. Eendag is dit die hasie se beurt om sy lewe op te offer om voedsel vir die leeu te voorsien. Die hasie is egter nie gereed om te sterf nie, daarom het hy 'n plan beraam.

Stadig hop hy na die leeu se lêplek toe. Toe hy daar aankom, tref hy die leeu aan waar hy ongeduldig heen en weer stap.



Anthology_Afr.indb 103 11/20/15 1:30 PM

Hy is baie honger. Toe hy die hasie sien, word hy baie kwaad.

Leeu: Dink jy so 'n klein hasie soos jy sal vir my genoeg vleis vir die dag voorsien? Ek is baie honger, en kyk net hoe klein en maer is jy!

Hasie: Die diere het in werklikheid vir u ses hasies gestuur, meneer Koning, maar vyf van hulle is deur 'n ander leeu doodgemaak en opgeëet.

Leeu: Watter ander leeu? Ek is die koning in hierdie geweste!

Hasie: Dit was … die … daar was 'n … baie groot leeu. Die ander leeu het vir ons gesê dat hy die koning van die woud is.

Leeu: Neem my dadelik na hierdie ander leeu toe, sodat ek hom 'n les kan leer. Dit is my koninkryk hierdie!

Die hasie lei die leeu na 'n diep rivier toe. Hy vertel vir die leeu dat die ander leeu in die rivier woon. Die leeu loer in die rivier in en sien sy eie spieëlbeeld in die water. Hy dink dat dit die ander leeu is.

Hy uiter 'n enorme brul en spring dadelik in die water in om die ander leeu aan te val. Met die inspring kap hy sy kop so hard teen een van die rotse dat hy verdrink.

Die hasie, wat nou baie verlig is, gaan die goeie nuus aan die ander diere oordra.

Van daardie dag af leef al die diere van die Groen Woud weer gelukkig saam.

Hoogmoed kom voor die val.



Anthology_Afr.indb 104 11/20/15 1:30 PM



Anthology_Afr.indb 105 11/20/15 1:30 PM

15. Bheki se nuwe fiets

Al Bheki se maats het fietse. Hy wens hy het ook 'n fiets gehad. Hy sien hoe sy maats op hulle fietse skool toe ry.

"O, ek wens ek het 'n fiets gehad," sê Bheki.

Met Bheki se agtste verjaarsdag word sy droom waar. Sy ouers gee vir hom 'n bloedrooi fiets present!

Bheki is baie opgewonde. "Hoera!" roep hy bly uit. "Ek wou nog altyd 'n fiets hê. Nou kan ek saam met my maats gaan ry!"

Bheki spring dadelik op sy nuwe fiets, maar toe val hy aan die ander kant af.

Hy probeer weer, en weer val hy af. Weer en weer probeer hy.

Bheki kan nie fietsry nie.

Anthology_Afr.indb 106 11/20/15 1:30 PM

Hy stoot die fiets in sy kamer in. Dit staan langs sy bed.

Elke dag vryf hy die fiets blink. En elke dag sit hy op sy bed en kyk hy hartseer na sy fiets.

"Ek wens ek kon my fiets ry," sê hy moedeloos vir homself. "Ek moet net aan 'n plan dink!"

"Bheki, kom ry saam met ons!" roep sy maats.

"Ek is besig om my fiets skoon te maak," antwoord Bheki.

"Hoekom gaan ry jy nie saam met jou maats nie?" vra Bheki se ma.

"Ek maak die toeter reg," antwoord Bheki.

Hy vertel vir niemand sy geheim nie. Hy kan nie fietsry nie.

Elke aand na donker sluip Bheki met sy fiets na die tuin toe. Daar waar niemand hom kan sien nie, probeer hy om op die fiets te bly.

Anthology_Afr.indb 107 11/20/15 1:30 PM

Hy probeer oor en oor, maar hy kan nie op sy fiets balanseer nie. Gou is Bheki vol snye en blou kolle.

Een aand sien Jana, die meisie wat langs hulle woon, hoe Bheki van sy fiets afval.

Sy hardloop uit en sê vir Bheki: “Laat ek die fiets vashou, sodat jy regop kan bly.”

Jana hou die fiets vas en hardloop agter Bheki aan.

Hy val nog ’n paar keer, maar toe kry hy dit reg om bo te bly.

“Ek kan bo bly, ek kan fietsry!” roep Bheki bly uit.

Vinniger en vinniger ry Bheki terwyl Jana die fiets vashou. Gou kry hy dit reg om sonder haar hulp te ry. Daar trek hy op sy eie, met Wollie agter hom aan.

“Jippie!” skree Jana. “Jippie!” skree Bheki, terwyl hy in die maanlig op en af ry.

Die volgende dag ry Bheki saam met sy maats skool toe. Hy is bly dat hy aanhou probeer het om sy fiets te ry.

Aanhouer wen!

Anthology_Afr.indb 108 11/20/15 1:30 PM

Anthology_Afr.indb 109 11/20/15 1:30 PM

16. Daar's 'n monster in my kas

Jan nooi sy maat Fanie om by hom oor te slaap. Die twee begin dadelik met Jan se rekenaarspeletjie speel.

"Dit is die beste rekenaarspeletjie ooit!" roep Jan uit. "Kyk hoe lyk hierdie monsters wat my aanval!"

"Sjoe!" sê Fanie. "Waar het jy so 'n vreesaanjaende speletjie in die hande gekry? Jy moet oppas, netnou kom die monsters jou haal!"



"Hier kom nog 'n monster!" skree Jan. "Dit lyk of hy reguit op my afpeil. Kyk net hoe lyk hy! Sy kop, tande en stert lyk soos dié van 'n Tirannosourus Rex. Hy is dodelik!"

"Jan, Fanie, bêre daardie speletjie nou asseblief en klim in die bed!" sê Jan se ma.

"Ag ma, ons wil net gou hierdie een speletjie klaarmaak," pleit Jan.

"Nee, skakel dit nou dadelik af!" antwoord sy ma. "Julle kan môre weer verder speel."

"Ons maak so, mamma," antwoord Jan. Hy klim in die bed en skakel die lig af, maar hy hou aan om sy speletjie in die donker te speel.

Fanie raak gou aan die slaap.

'n Hele ruk later skakel Jan die speletjie af. Kort daarna raak hy ook aan die slaap. Die maanlig val deur die venster en verlig die klerekas in die kamer.

Skielik word Jan wakker. Wat was daardie geluid? Krap, stamp! Krap, krap!

Anthology_Afr.indb 110 11/20/15 1:30 PM

Jan sit regop in die bed
en trek die komberse tot
teenaan sy ken.

Met koeëlronde oë kyk hy
angstig in die kamer rond
terwyl hy probeer sien wat die
vreemde geluide veroorsaak.
Dit kom van sy kas af!

Die kas glim in die maanlig
en die kasdeur skud. Toe
beweeg die deur.

Kraak, kraak!

Daar is iets binne-in die kas
wat teen die deur stamp!

“Dis ’n monster!” fluister Jan
benoud. “Wie is dit?” vra hy
in ’n bewerige stem.

Stadig begin die kasdeur
oopkraak. Jan spring op en
slaan die deur toe. Terwyl sy
hart in sy keel bons, stoot hy
’n stoel teen die deur om dit
toe te hou.



Anthology_Afr.indb 111 11/20/15 1:30 PM



"Ek wonder of ek weer sal kan slaap," sê hy vir homself.

Net toe hy in die bed terugklim, is daar weer 'n stampgeluid van binne-in die kas. Hierdie keer is dit nog harder as tevore!

"Ag nee!" sê hy saggies vir homself. "Wat gaan ek nou doen? Ek wil nie almal in die huis wakker maak nie!"

Nou angsbevange, skud hy sy maat aan die skouer.

"Fanie!" fluister hy dringend. "Daar's iets in my kas! Dis die een of ander monster – dit kan 'n prehistoriese dinosourus wees!"

"Jy't waarskynlik net 'n nagmerrie gehad," antwoord Fanie. "Los my uit, ek wil slaap."

Anthology_Afr.indb 112 11/20/15 1:30 PM

"Dit was nie 'n droom nie," antwoord Jan. "Ek moes die deur toedruk, want iets het uit die kas probeer uitkom!"

"Moenie laf wees nie, Jan. Dis jou rekenaarspeletjie wat jou nagmerries gee!"

"Nee, kom kyk saam met my," smeek Jan. "Dan sal jy self sien!"

Fanie gee 'n groot sug en klim uit die bed uit. In sy rugsak soek hy sy flitslig. Hy skakel dit aan en stap vol selfvertroue na die kas toe. Jan volg 'n tree of wat agter hom.

Skielik is daar nog 'n harde stamp. Die twee seuns gaan botstil staan, te verskrik om 'n spier te verroer. Nou is daar 'n harde krapgeluid in die kas hoorbaar.

"Het jy dit gehoor?" vra Jan, sy oë so groot soos pierings.

"Ja, ek het," antwoord Fanie, terwyl hy voel hoe sy hart in sy bors hammer.

Voetjie vir voetjie beweeg Jan en Fanie nader aan die kas. Toe, met 'n benoude kyk na Fanie, maak Jan die deur op 'n skrefie oop.

Fanie lig die flitslig deur die opening. Daar is iets binne-in die kas wat die deur probeer oopstoot!

Meteens sien hulle in die lig van die flits twee heldergeel oë. Die twee seuns spring beangs van die kas weg.

"Wat kan dit wees?" vra Fanie in 'n bewerige stem terwyl hy die deur vinnig weer toedruk.

Die gekrap en gestamp word harder. Fanie trek sy asem diep in en trek die deur weer oop. Iets spring uit die kas uit en vlieg by die seuns verby.

"Wat was dit?" skree Jan.

"Dit was jou kat!" antwoord Fanie en hy bars uit van die lag.



Anthology_Afr.indb 113 11/20/15 1:30 PM

16. 'n See-avontuur

Josef, Thabo, Karen en Gert is baie avontuurlustige kinders. Hulle hou van bergklim, swem en diepseeduik.

Eendag besluit die vier kinders dat hulle 'n seereis wil onderneem om die wêreld te gaan verken.

"Kom ons kyk na die kaart en kyk waarheen ons wil gaan," sê Thabo.

Hulle pak alles wat hulle nodig het in hulle rugsakke: 'n kaart, 'n kompas, 'n sakmes, hulle slaapsakke, 'n flitslig, 'n kamera en genoeg kos vir 'n maand.

"Ons moenie ons reddingsbaadjies vergeet nie," sê Josef.

Toe hulle alles netjies op die boot weggepak het, sak die son reeds. Baie opgewonde vertrek hulle op hulle seiltog.



Toe dit donker word, begin daar 'n storm opsteek. Die wind begin al hoe sterker waai. Die golwe lig hulle boot al hoër uit die water uit.

Gert sien in die verte 'n lig wat flits. Dit is 'n ander skip, en dit kom vinnig nader. Hy gryp die teleskoop en klim op na die kraaines om beter te kan sien.

"Kan jy sien watter soort skip dit is?" roep Karen.

"Dit kan 'n passasiersboot of dalk 'n vragskip wees," sê Josef.



Anthology_Afr.indb 114 11/20/15 1:30 PM

Die boot kom al nader. Nou sien die kinders dat daar ’n paar vreemde mans aan boord is. Hulle skrik groot toe hulle sien hoe die mans lyk.

“Pas op!” roep Thabo. “Dit is seerowers daardie!”

“Wat is seerowers?” vra Gert.

“Dit is diewe,” antwoord Thabo. “Hulle beroof die bote wat hulle teëkom.”

“Ons sal onsself moet verdedig!” roep Thabo. “Ons sal moet keer dat hulle ons kom beroof!”

Die kinders besluit dat hulle nie bang is vir die seerowers nie. Hulle gaan haal hulle speelgoedswaarde om hulleself te verdedig.

“Kaptein Josef sal ons lei!” roep Gert, Karen en Thabo. “Niemand sal ons onder kry!”

“Seerowers, maak dat julle wegkom!” roep die kinders.

Toe kry Kaptain Josef ’n goeie plan. “Thabo, bel die kuswag,” sê hy. “Sê vir hulle ons het hulp nodig.” Thabo maak toe so.



Binne ’n paar minute hoor die kinders die klank van ’n helikopter wat in hulle rigting op pad is.

“Hoera!” juig hulle, bly en verlig.

Dadelik draai die seerowers hulle skip om en verdwyn in die nag.

Anthology_Afr.indb 115 11/20/15 1:31 PM

“Hoera!” roep die kinders weer. “Ons is veilig – die rowers is weg! Kaptein Josef is ons held!”

Dit is reeds byna dagbreek. Die storm het bedaar en die kinders seil op ’n kalm see verder. Hulle is bly dat hulle nou die res van hulle avontuur kan aanpak.

Hulle seil van noord na suid en ontmoet kinders van baie verskillende lande.

Toe hulle na ’n maand weer tuis is, wys hulle vir hulle ouers al die foto’s wat hulle geneem het. Hulle kan nie uitgepraat raak oor hulle avontuur nie.

Wanneer iets jou bang laat voel, is dit jou kans om DAPPER te wees!



Anthology_Afr.indb 116 11/20/15 1:31 PM

Rympies/gedigte en liedjies



Skitter, skitter, kleine ster



Kop en skouers



Veels geluk liewe maatjie



Vyf klein kuikentjies



Vyf klein apies



Een, twee, ons kuier by die see



Eendjies, eendjies



Ou oom Japie het 'n plaas



Reën, reën, gaan nou weg!



Die wiele van die bus



Tortelduifie



Ietsie bietsie spinnekop



Slaap kindjie, slaap



Die leeu slaap vannag

1. Skitter, skitter, kleine ster



Skitter, skitter, kleine ster
(Wysie: Twinkle, twinkle, little star)

Skitter, skitter, kleine ster,
Ek bewonder jou daar ver.
Hoog bo ons daar skitter jy,
Ver in die hemel skyn jy vry.
Skitter, skitter, kleine ster,
Ek bewonder jou daar ver!









Anthology_Afr.indb 118 11/20/15 1:31 PM

2. Kop en skouers



Kop en skouers,
knieë en tone,
knieë en tone.
Kop en skouers,
knieë en tone,
knieë en tone.
Oë en ore,
mond en neus.
Kop en skouers,
knieë en tone,
knieë en tone.



Anthology_Afr.indb 119 11/20/15 1:31 PM

3. Veels geluk liewe maatjie



Veels geluk,
liewe maatjie,
omdat jy verjaar!
Mag die Here jou seën,
En nog baie jare spaar.

Anthology_Afr.indb 120 11/20/15 1:31 PM

4. Vyf klein kuikentjies





Sê kuiken nommer een,
Met 'n huppel in sy been,
Ek wens iemand wil tog
'n wurm vir my leen.





Sê kuiken nommer twee,
Met 'n sagte geskree,
My wens is dat iemand
My 'n grote slak sal gee.





Sê kuiken nommer drie,
Met 'n traantjie in sy oog,
Ek wag nog vir my kos,
hier sit ek hoog en droog.



Sê kuiken nommer vier,
Terwyl hy stip na hulle staar,
Ek wens hulle bring my
'n Vars groen blaar.





Sê kuiken nommer vyf,
Met 'n stywe lippie,
Ek wens ek kry êrens
'n Klein wit klippie.



Nou kom hier, sê die mamma,
Kom voel hier aan my krop,
Soek julle dalk iets te ete,
Kom dan hier en skrop.



Anthology_Afr.indb 121 11/20/15 1:32 PM

5. Vyf klein apies

Vyf klein apies spring op en af.
En toe val een sy knie nerfaf.
Sy mamma roep die dokter en die dokter blaf:
"Die apies moet ophou spring want dis laf!"

Vier klein apies spring op en af.
En toe val een sy knie nerfaf.
Sy mamma roep die dokter en die dokter blaf:
"Die apies moet ophou spring want dis laf!"

Drie klein apies spring op en af.
En toe val een sy knie nerfaf.
Sy mamma roep die dokter en die dokter blaf:
"Die apies moet ophou spring want dis laf!"

Twee klein apies spring op en af.
En toe val een sy knie nerfaf.
Sy mamma roep die dokter en die dokter blaf:
"Die apies moet ophou spring want dis laf!"

Een klein apie spring op en af.
En toe val sy haar knie nerfaf.
Haar mamma roep die dokter en die dokter blaf:
"Die apies moet ophou spring want dis laf!"



Anthology_Afr.indb 122 11/20/15 1:32 PM

6. Een, twee, ons kuier by die see





Een, twee,
Ons kuier
by die see;








Drie, vier,
Kyk die mooie
dier;







Vyf, ses,
Kyk die voël
se nes;






Sewe, ag,
Kyk hoe
lekker ons lag;







Nege, tien,
Kyk hoeveel
goed ons sien!




Anthology_Afr.indb 123 11/20/15 1:32 PM

7. Eendjies, eendjies

Eendjies, eendjies,
Daar in 'n ry.
Een, twee, drie, vier,
Stap hul verby.
Links, regs, links, regs,
Kyk hoe mak!
Reguit dam toe …
Kwaak, kwaak, kwaak!

Perdjies, perdjiies,
Op 'n gallop.
Vyf, ses, sewe,
Koppe op.
Links, regs, links, regs,
Kyk hoe mak!
Reguit stal toe …
Hee, hee, hee!

Muisies, muisies,
In julle gat.
Agt, nege, tien,
Pasop die kat.
Links, regs, links, regs,
Kyk hoe mak!
Reguit gat toe …
Piep, piep, piep!

Hondjies, hondjies,
Wat heeldag blaf.
Elf, twaalf, dertien,
Jul is so laf.
Links, regs, links, regs,
Kyk hoe mak!
Reguit hok toe …
Woef, woef, woef!

Skapie, skapie,
Wat so blêr.
Veertien, vyftien,
Jy is daar ver.
Links, regs, links, regs,
Kyk hoe mak!
Reguit kraal toe …
Mê, mê, mê!



Anthology_Afr.indb 124 11/20/15 1:32 PM

8. Ou oom Japie het ’n plaas

Ou oom Japie het ’n plaas,
hie haai hie haai ho,
En op die plaas is daar ’n koei,
hie haai hie haai ho,
Daar’s ’n moe-moe hier en ’n moe-moe daar,
hier ’n moe, daar ’n moe, oral is daar moe-moe.
Ou oom Japie het ’n plaas,
hie haai hie haai ho!

Ou oom Japie het ’n plaas,
hie haai hie haai ho,
En op die plaas is daar ’n hond,
hie haai hie haai ho,
Met ’n woef-woef hier en ’n woef-woef daar,
hier ’n woef, daar ’n woef, oral is daar woef-woef.
Ou oom Japie het ’n plaas, hie haai hie haai ho!

Ou oom Japie het ’n plaas, hie haai hie haai ho,
En op die plaas is daar ’n perd,
hie haai hie haai ho,
Daars ’n ie-ie hier en ’n ie-ie daar,
hier ’n ie, daar ’n ie, oral is daar ie-ie.
Ou oom Japie het ’n plaas,
hie haai hie haai ho.





Anthology_Afr.indb 125 11/20/15 1:32 PM

9. Reën, reën, gaan nou weg!

Goeiemôre, mnr. Son!
Dis lekker om jou te sien opkom.
Ons hou van jou blink geel gesig.
Goeiemôre, mnr. Son.



Reën, reën, gaan nou weg!
Kindertjies wil speel en staan al reg.
Kom weer op 'n ander dag.
Kom dan met jou druppels so sag.



Anthology_Afr.indb 126 11/20/15 1:32 PM

10. Die wiele van die bus

Die wiele van die bus draai
om en om, om en om, om en om.
Die wiele van die bus draai om en om,
die hele dag lank.

Die veërs van die bus maak
swiesj swiesj swiesj, swiesj swiesj swiesj,
swiesj swiesj swiesj.
Die veërs van die bus maak swiesj swiesj swiesj,
die hele dag lank.

Die toeter van die bus maak
toet toet toet, toet toet toet, toet toet toet,
Die toeter van die bus maak
toet toet toet, die hele dag lank.



Anthology_Afr.indb 127 11/20/15 1:32 PM

II. Tortelduifie



Tortelduifie sit in die eikeboom,
sing die lied van sy lewensdroom.
Koer, tortelduifie, koer,
tortelduifie by die waterstroom!





Tortelduif het sy nes gebou
nou sing hy van ewig trou.
Koer, tortelduifie, koer
tortelduifie in die eikeboom.











As die tortelduif so praat
soek hy na sy lewensmaat.
Koer, tortelduifie, koer
tortelduifie in die eikeboom.

Anthology_Afr.indb 128 11/20/15 1:32 PM

12. Ietsie bietsie spinnekop

(Bron: Kinderwerf)

Ietsie bietsie spinnekop
klouter oor die muur.





Ietsie bietsie spinnekop
die son is nou-nou hier.





Woers waai die wind
vir ietsie bietsie af.



Ietsie bietsie spinnekop
die wind is sommer laf.

Anthology_Afr.indb 129 11/20/15 1:32 PM

13. Slaap, Kindjie slaap



Slaap, Kindjie, slaap,
daar buite loop 'n skaap,
'n skaap met witte voetjies,
hy drink sy melk so soetjies,
skapie met sy witte wol,
Kindjie drink sy magie vol.
Slaap, Kindjie, slaap.

Slaap, Kindjie, slaap,
Pappa gaan na die Kaap,
Pappa het gaan koekies koop,
En more maak jy jou ogies oop,
Dan sit jy in die hoekie
En kry 'n klein soetkoekie;
Jy vat dit met jou handjie
En byt dit met jou tandjie,
Slaap, Kindjie, slaap.





Slaap, Kindjie, slaap,
jou pa is na die Kaap,
jou mamma skud
die boom se top,
dan val 'n droompie
op jou kop,
slaap, Kindjie, slaap.

Anthology_Afr.indb 130 11/20/15 1:32 PM

14. Die leeu slaap vannag

In die oerwoud, die grote oerwoud,
slaap die leeu vannag,
In die oerwoud, die stille oerwoud,
slaap die leeu vannag.

Koor
He, ha helelemama
Ohi'mbube

In die dorpie, die kleine dorpie
slaap die leeu vannag,
In die dorpie, die kleine dorpie,
slaap die leeu vannag.

Koor

Stil my liefie, wees stil, my liefie,
die leeu slaap vas vannag,
Stil my liefie, wees stil, my liefie,
die leeu slaap vas vannag.

Koor



Anthology_Afr.indb 131 11/20/15 1:32 PM

